

tuis opknop

Ekstradik bēreboek

{2025/26}



R170 (BTW inkl.)
Namibië N\$175

REGROK MET FLAIR

160

bladsye

MET DIE MOOIESTE
OPKNAPPROJEKTE

Skep jou droomhuis



VAN KLOMPIES TOT KITKATS

Raak kreatief met teëls!

Patrone, vorms, teksture
Al die ontwerptruuks

HIER'S DIE
TOP-TRENDS

} *Verfkleure • Afwerkings • Vloere & toebehore*
+ KONTAKTE & VERSKAFFERS

A photograph of a Cielo store at night. The storefront is dark with a large, illuminated 'Cielo' logo and the tagline 'Inspiring Spaces' in a script font. The entrance is framed by wooden pillars and glass doors, revealing a modern interior with contemporary furniture like a green sofa and a wooden coffee table. The floor outside is a checkered tile pattern.

Cielo | Inspiring Spaces

LUUKSHEID BEGIN HIER

Vind inspirasie by een van ons 19 vertoonwinkels


WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • CENTURION • PRETORIA • EDENVALE • ALBERTON • ROODEPOORT
WES-KAAP: SOMERSET-WES • GEORGE • TABLE BAY • DE WATERKANT • **KWAZULU-NATAL:** BALLITO
HILLCREST • **OOS-KAAP:** PORT ELIZABETH • **MPUMALANGA:** NELSPRUIT • **LIMPOPO:** POLOKWANE • **NAMIBIË:**
WINDHOEK | DESIGN HUB • **MAURITIUS:** BLACK RIVER | BANGALOW



SKANDEER MY

KOOP AANLYN
OF IN DIE WINKEL
[CIELO.CO.ZA](https://www.cielo.co.za)



vars idees

6 Bakstene Steel die kollig met die kreatiewe gebruik van boublokke

leserhuise

22 Modern en tydloos 'n Weldeur-dagte verjongingskuur het dié sestiger gevul met energie en moderne gerief

36 Heeltyd speeltyd! Nuwerwetse elegansie vat hande met ouwêreldse sjarme in 'n erfenishuis

44 Metamorfose van 'n huis Kyk net wat 'n Swartlandse binneversierder oor die jare in haar eie huis vermag het

56 'n Uitsig wat oorrompel Dis wat die nuwe eienaar wou hê – en gekry het in 'n glashuis hoog bo die Jakarandastad

66 Tant Rose se huisie 'n eeu later Met liefde is dié seehuis reggemaak vir die 21ste eeu

76 Pasgemaak Nuwe kothuis verrys op die voetspoor van 'n vorige woning

86 'Wit kán werk in 'n gesinshuis' Ma, pa en drie kleingoed leef voluit in hul minimalistiese, gedempte interieur

98 Aan die waterkant Dié kuierplek is perfek vir alle seisoene, en almal is welkom hier

110 Moderne styl geanker in die natuur Smaakvolle strandhuis bekoor met aardse teksture en neutrale palet

122 Die platteland roep Nuutgeboude skuurhuis in die Riebeeckvallei word 'n ware toevlug

134 Vind jou ritme in die bos Herontdek die helende krag van die natuur in 'n opgeknapt glashuis

in fokus

142 Toor met teëls Raak kreatief met treffende patrone, koel kleure, *trendy* ontwerpe en slim uitlegte

tuis opknop

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Teksredakteur
Digitale redaksie
Multimedia-joernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Johletta Brits
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé

MEDEWERKERS

Sven Alberding, Robyn Alexander, Nelia Andrag, Natalie Boruvka, Greg Cox, Mary Jane Harris, Warren Heath, Nicola Hecht, Christoph Hoffmann, Misha Jordaan, Liz Morris, Haidee Muller-Isaacs, Francois Oberholster, Jackie Pienaar-Brink, Dirk Pieters, Bronwyn Pirrie, Maryke Roberts, Karl Rogers, Mariza van den Berg, Jacques van der Merwe, Marilouise van der Merwe, Amanda van Wyngaardt, Henrique Wilding, Graham Wood, Elsa Young

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopbestuurder Lani Rheeder

Sluutelklientbestuurders Charlene Meyer, Daniela Di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois
ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Hoof: Sakeontwikkeling en strategieondersteuning
Lise van Breda, lise.coetsee@media24.com

Geleentheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majjet

Kreatiewe hoof Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: Spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Produkbestuurder Christine Smith

Senior bemakingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemakingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafesa Hoosain

UITGEWERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

Inkomste hoof Nerisa Coetsee

Finansiële hoof Lana Goliath

Bedryfshoof Edwina Lyners

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za
Produkbestuurder Janine Snyman, janine.snyman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur
Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers

MEDIA24 Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

Printed by
novus print
A division of Novus Holdings

ON THE DOT

PUBLISHER
RESEARCH COUNCIL

Press Council

Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsoeg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

Hierdie redakteursbrief moet dalk kom met 'n "trigger warning" – veral as jy al jou vingers lelik verbrand het met 'n bouer. En as jy dalk nog jou wonde lek ná *brouwerk* pleks van *bouwerk*, skink gerus vir jou 'n glasie voor jy verder lees.

Dis Februarie 2025, en die projek waaroor ek in laas jaar se *Tuis Opknep* geskryf het, kan uiteindelik begin. Die planne is toe wel ná 14 lange maande goedgekeur.

Dis nie my en my projekbestuurder, Adriaan, se eerste dans nie, en ek weet die man is deeglik. Ons het oor die jare vriende geword – iets wat min mense kan sê nadat hulle huisverbeterings laat doen het.

Die eerste week van die "minor works"-projek (die Stad Kaapstad se woord) kom met etlike verrassings – die meeste daarvan weens die eeu oue huis se oorspronklike konstruksiemetode en boumateriaal. Sien, om parkeerplek te skep in my piepklein voortuintjie, by 'n huis teen 'n bult, moet ons uitgrawe tot teen die huis se fondasie.

As daar maar net 'n fondasie was ... **Die "minor works" raak toe onverwags "major works" en die kasregisters begin klingel.**

Dis uiteindelik amper 3 maande se werk, met sement- en rommellorries wat die bult op en af dreun. Maar einde ten laaste kom die plan bymekaar, en die projek is volbring. Dis nou behalwe die vyf voetliggies by die trappe wat nog gekoppel moet word ...

Adriaan neem foto's van als: skroefies, rommel, sleutels, verfblikke en -kleure. My foon flits drie keer per dag soos 'n Krismisboom wanneer die foto's land vir die drie daaglikse "rapporte".

Teen die tyd dat die elektrisiën terugkom om die voetliggies te koppel – letterlik maande na die aanvanklike bouwerk – is Adriaan en sy span weg, die teëls op die trappe klaar gelê, en die mure geverf.

Daar moet vyf liggies wees, in serie gekoppel. Maar toe kom die verrassing: Liggie nommer 4 se gat is toegepleister en die teëlaar het bo-oor geteël. Die elektrisiën kyk vir my, want sonder liggie 4 kan liggie 5 nie brand nie.

Ek bel vir Adriaan.

"Gee my 5 minute, ek stuur vir jou die foto's," sê hy. En soos hulle land, val die stukke van die legkaart in mekaar.

FOTO 1: Die PVC-geleidingspype duidelik sigbaar, toe die voortuin nog woens en leeg was, vroeg in die projek.

FOTO 2: Die bekisting gedoen om die trappe van beton te giet.

FOTO 3: Junior aan die pleister, die gat vir die voetliggie nog sigbaar.

FOTO 4: Junior klaar gepleister, maar waar's die liggie nou? Aha! Nou weet ons wie die skuldige was. Maar steeds is daar geen liggie nie...

"Ek maak gou paar somme," sê Adriaan oor die telefoon. Ek staal my vir nog 'n rekening wat kom, want nou moet alles seker oopgekap en oorgedoen word, dink ek by myself. Maar nee. Adriaan het sy rekords nagegaan en gee sonder huiwering opdrag oor presies waar 'n ronde gat in die een graniëtteël geboor moet word, tot op die sentimeter. "Want daaragter sál die elektriese punt wees," sê hy. En voeg by: "Stuur sommer vir my 'n foto wanneer julle dit kry." Let wel: nie "as" nie, "wanneer".

EN SELA, FOTO'S 5 & 6: Presies waar Adriaan gesê het, daar steek die draadjie stroopsoet uit vir die voetliggie wat *AWOL* was.

Ek het dié storie al vir soveel mense vertel; die meeste slaan hul hande saam in ongelooft.

Ek? Wel, ek was daar. Dis 'n ware lewensdrama met 'n baie gelukkige einde. 'n Goeie bouer, sê ek jou, is sy rekening in goud werd. Mag jy met jou projekte – klein of groot – net voorspoed hê! En mag jy al die inspirasie wat jy nodig het, in hierdie gids kry ...

Wicus *redakteur@tuis.co.za*



tuis home **gelmar**
REGRUK
MET FLAIR

NETWERK24
klankgolwe

Luister gerus na ons *Regruk met Flair*-potgooi op Netwerk24, waar Wicus met kenners in die bedryf gesels oor hoe jy jou opknapprojek kan aanpak, vertrek vir vertrek! Kry dit by [Netwerk24.com/kyk-en-luister/Klankgolwe](https://www.netwerk24.com/kyk-en-luister/Klankgolwe).

Die *volgende stap* in onderhoud Die Woodoc-Manier

NUUT



*Die een met
die groen strook*

Nuwe Woodoc DECK Dressing MAINTENANCE is 'n laegglans-, kleurlose produk wat die doeltreffendheid van hardhoutdekke en -trappe voorheen met Woodoc DECK Dressing behandel, onderhou en ondersteun.

Dit is die volgende stap in onderhoud sonder om die hout te verdonker.

- Trappe voorheen met **Woodoc DECK Dressing (Golden Brown)** behandel.

Woodoc®
KOS VIR HOUT™

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure.

www.woodoc.com Woodoc

WhatsApp +27 66 302 4702

Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Onderhoudsprodukte en "hoe-om-te-doen"-advies.





BAK, BAKKER baksteen

'n Baksteen is mos nou maar 'n doodgewone
boublok, nie waar nie? Nie as jy kyk hoeveel
trekrag dit aan dié strukture gee nie...

Saamgestel deur Johané Neilson

Sny 'n lyn

By die ingang na Asher en Gina Stoltz se huis in die lowerryke voorstad Orchards in Johannesburg is die voordeur agter 'n pienk wigvormige muur versteek. Dit dien as 'n duidelike dog diskrete rigtingwyser aan besoekers na hul drumpel. Niemand kan die helder kleur miskyk nie, en die driehoek is heeltemal tuis tussen ander geometriese vorms soos halfsirkels, vierkante, diamante en reghoeke in die huis se ontwerp (sien oorkant).

Teks Graham Wood • Foto's Elisa Young /Bureaux

Speeltyd!

Asher vertel dat toe hy en sy vrou, Gina, besluit het om hul eie huis te bou, hulle gemik het vir iets anders as die gewone. Die geheimsinnige baksteen-“boks” wat hulle op 'n ou tennisbaan aan die onderpunt van 'n lang pypsteel gebou het, is voorwaar 'n kunswerk. Die paartjie en hul argitek, Gregory Katz, het die 10 x 10 m-kubus wat plek-plek onderbreek word met deure en vensters in ongewone vorms, die bynaam “Shapesorter House” gegee, na aanleiding van daardie klassieke speelding waarmee kinders verskillende vorms leer ken en hanteer deur dit in 'n boksie met ooreenstemmende openinge te pas. >>





Die beeldende
skoorsteenvorm van 'n wit
uitgeboude daklig in die
middel van die huis vang
dadelik die oog.

Oop en toe

Die argitek Nic Criticos se opgeknapte huis in Oranjezicht, Kaapstad, het 'n treffende voetganger-ingang. Dit is een van verskeie *brise-soleils*, oftewel sonbrekers, geskep deur slim bouwerk met rooi bakstene. Hier versteek dit 'n stel trappe wat ook van rooi bakstene gebou is.

Bo die motorhuis verskaf nog *brise-soleils* privaatheid aan twee binnehoftipe ruimtes deur dit van die straat (en aanliggende eiendomme) af te skerm. Dié mure bied 'n mate van verligting van Kaapstad se berugte wind en versag die felste hitte en lig in die somer, sonder om die uitsig heeltemal te versper.

Trapsgewys

Binne-in Nic se huis is daar 'n rou betonblad vir sitplek. Dit begin reeds buite en verskaf algaande bêre- en uitstalplek, asook sitplek langs die eetkamertafel – so skep dit 'n indrukwekkende lyn wat die oog deur die ruimte lei. “Dis 'n sakpasplan om sterk lyne en 'n elegante ruimte te definieer,” verduidelik hy.

Verskeie afwerkings en materiale versterk die hoogteverskille tussen een ruimte en 'n volgende. Daar's byvoorbeeld 'n houtvloer in die sitkamer, maar klompiestene in die kombuis-en-eetarea. Dié kleistene is met 'n waterbasis-verseëlaar afgewerk. Sakgesmeerde baksteenmure met 'n laag wit verf beklemtoon 'n gemaklike atmosfeer sonder pretensie. >>

*Kyk net dié mooië venster
op vloervlak!*



Teks Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

Tekstuur bo alles

'n Staal-en-houttrap in die rolprentvervaardiger Amy Jephta en Sanjin Muftic se huis in die Bo-Kaap in Kaapstad dien as hoofroete tussen Amy se werkkamer onder en die meer private leefruimtes op die boonste vloer. 'n Kombinasie van ongepleisterde kleibakstene – sommige glad afgewerk en ander met riffelvoorkante – skep 'n treffende fokusmuur in die trapportaal tussen die hoofslaapkamer en balkon.



Foto Christoph Hoffmann • Produksie Amanda van Wyngaardt

Nader aan die natuur

Toe JC en Wim Steyn hul huis uit die sewentigerjare in Linden, Johannesburg, opgeknop het (dit word nou bedryf as 'n boetiekgestehuis, On 9th Street), het hulle besluit om die gevoel van 'n moderne plaasstyl te skep ter ere van die buurt se geskiedenis. Die buitestort van die JHB-kamer (al die suites is na Suid-Afrikaanse stede vernoem) spog met eenvoudige afwerkings soos geverfde bakstene en gewone sementblaaie gekombineer met ontblote koperpype en -krane.

'n Hoë venster in die muur laat gaste toe om die welige uitsig op die boomryke tuin te geniet sonder om privaatheid in te boet. >>

Grensloos en Elegant

DIE HAVENWOOD MODULÊRE REEKS



incanda
FURNITURE



Koop aanlyn
www.incanda.co.za

Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub

Tussen spasies

Nina en Alastair Stewart se kontemporêre huis in Plettenbergbaai is net so slim as wat dit mooi is. Die argitek Guillaume Pienaar het die huis ontwerp as 'n drietal aaneengeskakelde skuurtipe strukture waarvan een 'n onafhanklike blyplek vir Nina se ouers vorm.

As 'n kopknik aan die 1970's, een van Nina se gunsteling-ontwerpers, is die buitemure van sakgesmeerde stene wit geverf; dakplate in 'n ligte kleur dra by tot 'n algehele indruk van vars, skoon lyne.

Trappe lei na 'n houtvoor deur met 'n warm kleur. Ons hou van die *brise-soleil*-detail links daarvan, en die pasgemaakte houtvensterrame regs, wat openinge in die gebou beskerm.



Teks Robyn Alexander • Foto Greg Cox/Bureaux • Produkse Sven Alberding



Kyk na ons selfdoenstorie oor die saksmeer van mure in November 2025 se *Tuis*; besoek netwerk24.com/tuis.

Golwende rondings

Die lewe is 'n lied vir die MacLeod-gesin van Kaap St. Francis in die Oos-Kaap. Dié buiteligtebbers se huis is net so pretensieloos soos die lieflike kusstrook wat dit geïnspireer het. Dis 'n ruimte wat sandvoete, duikpakke en die gelukkige chaos van hul daaglikse leefwyse omarm.

Matt en Natalie se huis weerspieël hul bewondering vir die sewentigerjare, soos te sien in verskeie argitektoniese elemente – van ventilasiestene tot sakgesmeerde baksteenmure en boë. Die sagte kurwe van die baksteenmuur met sy openinge langs die swembad word binne herhaal deur verskeie ronde vorms. >>

Ontwerp deur Ellis Architecture; bouwerk deur DGSiyenza

Lees meer oor hierdie pragtige
huis in ons uitgawe van
Februarie 2026!

Om die hoek

By hul vorige huis in Nuweland, Kaapstad, het Jackie en Mark Bosman 'n ontspanne dog elegante buitekuierplek ontwerp wat in 'n gesellige L-vorm by die leef- en eetruimte aansluit. "Ons was mal oor die oorspronklike baksteenvloer met sy besonderse straalpatroon," verduidelik hulle.

Waar die baksteendeel geëindig het, het hulle die vloer om die hoek verleng met beton, en die rand afgewerk met 'n ry bakstene. 'n Buitemat met patrone verskaf ekstra tekstuur en baken die sitgedeelte sagkens af.



Goeie tye

Die Bosmans het 'n ingeboude plantbak in sitplek omskep deur dit toe te bou en te pleister. "Dit was 'n blink plan – die nuwe bank het goed saam met die eettafel gewerk, en ekstra sitplek aan gaste verskaf wanneer ons meer informeel onthaal het." >>

Hoewel die paartjie verkies het om die baksteenvloer met sy natuurlike tekstuur te behou, wou hulle die voorkoms effens versag. Daarvoor het hulle waterbasis-lateksverf verdun met water (in 'n 1:1-verhouding) en dit bo-oor aangewend. Dieselfde afwerking kan verkry word met klipverf of witkalk.





Teks Liz Morris • Foto's Greg Cox/Bureaux • Produksie Sven Alberding

Kringe in 'n blok

Die dubbelvolumewoonstel van die ontwerpers Malcolm Kluk en Christiaan Gabriël du Toit in Seepunt, Kaapstad, spog met 'n modernistiese sintelblokfasade en heelparty kurwes, alles in KLÛK CGDT se kenmerkende pienk geverf (*heel regs, oorkant*).

Die leefvertrekke loop uit na 'n tuin met 'n swembad in die styl van 'n waterreservoir. "Ons hou daarvan dat swemmers op dieselfde oogvlak as ander gaste kan wees – dit vergemaklik gesellige interaksie," sê Christiaan.

Leiklip in 'n oneweredige uitleg skep kontras met die grafiese baksteenwerk buite, terwyl diagonale lyne tussen die grasperk en blombeddings ekstra visuele trefkrag gee.





Wie loer ...

Dawid Augustyn is die trotse eienaar van 'n woonstel in dieselfde blok. "Die goed berekende skakel tussen die binnerruimtes en die buitekant is vir my baie mooi," verduidelik hy. "Die palet is anders as die gewone en maklik om mee te werk uit 'n binneontwerp-oogpunt."

In Dawid se woonstel is die hoofslaapkamer se en suite-badkamer in die styl van 'n spatvertrek, met 'n oop stort langs die bad. Laasgenoemde is van muur tot muur beklee met granietteëls wat die ligpienk kleur van die mure komplementeer.

Skaduwees van die sintelblokfassade dra 'n dromerige gevoel oor; saans skep die ontwerp 'n gloeiende effek soos dié van lanterns. >>



Bekoor-steen

Toe Helen en Franco Henning in 2010 laat huis bou het in Durbanville, het hulle 'n unieke ontwerp vir die smeulaggel bedink – een wat die skoorsteenpyp in die kollig plaas deur dit met onafgewerkte stene te omraam.

Langsaan het hulle 'n prentlys aangebring om die uitmeet van gate vir die hang van kunswerke met verskillende fatsoene te vermy. “Tog was die detail van hoe om individuele prente perfek te hang, uiteindelik moeiliker as verwag!” vertel Helen laggend. “Eers het ek elkeen op sy eie gehang, maar die koperdraad het onnet gelyk. Toe vereenvoudig ek die ontwerp deur meer as een stuk aan een draad te hang. Ek glo nie ek gaan dit ooit weer skuif nie!”

Langeraat

By Stil, 'n wegbreekplek naby Montagu, het die eienaars, Hanno en Martly Calitz, met die ontwerper Hendre Bloem saamgespan om 'n minimalistiese swart-en-wit kombuis te skep wat die gestroopte Karoo-argitektuur weerspieël.

Hier herhaal klompiestene in 'n visgraatpatroon die aardse skakerings van die omringende landskap, terwyl 'n smal spilvenster die gesaksmeerde mure beklemtoon, en natuurlike lig en 'n koel bries innooi. Dis veral treffend soggens, wanneer 'n ligstraal dramaties sy lê oor die vloer kom kry.

“Ek het dié venster spesiaal ontwerp om die hoogte en vertikale lyne in die ruimte te beklemtoon terwyl dit 'n uitsig na buite omraam,” verduidelik Hendre. >>



Kombuis geïnstalleer deur
Kitchene; foto teen muur
deur Samantha Reinders



Foto Dirk Pieters • Produkse Marian van Wyk

Lig en lugtig

Toe Jodi Lawrence die priesel op haar stoep in Vishoek, Kaapstad, gebou het, het sy dekoratiewe sintelblokke op Facebook Marketplace gekry waarmee sy 'n rugleuning vir die ingeboude bank kon skep. Die stene dien ook as skerm wat 'n intieme atmosfeer oordra sonder om die ruimte "afgesluit" te laat voel. Boonop druk die subtiële blompatroon 'n vroulike stempel af.



Teks Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto Greg Cox • Produkse Marian van Wyk

Alles bymekaar

Hennie en Jolanda Aggenbach glo dat 'n ingeboude braaiplek onontbeerlik is in enige oopplan-kombuis-en-leefvertrek – en dis presies wat hulle vir hul huis in Struisbaai beplan het. In dié 5,5 x 4,5 m-kaggelstruktuur kan hulle na hartelus bak en brou! Ons hou van die gepleisterde kurwes saam met die treffende baksteen-afwerking aan die binnekant. 🏠

VERSKAFFERS & KONTAKTE DGSiyenza facebook.com/DGSiyenza Ellis Architecture ellisarch.co.za Gregory Katz gregorykatz.co.za
Guillaume Pienaar instagram.com/pinardarchitecture Hendre Bloem hendrebloem.com Kitchene kitchene.co.za On 9th Street on9thstreet.co.za
Stil stil.co.za Your Space Bathrooms yourspacebathrooms.co.za

KLEURSLIM

BEKOSTIGBARE GETINTE KLEURE



PREMIUMKWALITEIT-VERF



Met gevorderde Kleurslim-technologie is ons verf beschikbaar in meer as 800 bekostigbare Duram-getinte kleure. Die resultaat is uitsonderlike kleurdiepte, vervaagweerstand, akkuraatheid en dekking.

Bekostigbare kleurmenging beskikbaar by toonaangewende hardewarewinkels.

Kleure mag verskil as gevolg van drukkbeperkings.

Duram
SMART PAINT

Modern EN TYDLOOS *in 'n ou huis*

'n Weldeurdagte verjongingskuur het dié sestiger
gevol met nuwe energie, gerief en elegansie.

Deur Maryke Roberts • Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Tundura Grey-marmer deur
Sangengalo Marble & Granite;
hanglig van Elevenpast; stoele van
Cielo; mat van Hertex Haus

WIE WOON HIER?

Rudolph Jordaan
en Jacques
Oosthuizen Jordaan
en hul twee honde,
Jackie en Tan
GROOTTE 112 m²

KOMBUIS

Rudolph het dié ruimte, waar voorheen net 'n klein venster was, ontwerp met 'n goeie balans tussen natuurlike en reflektiewe materiale, met die oog daarop om soveel moontlik natuurlike lig in te bring. "Die lang skuifvenster skep 'n oop gevoel na buite en laat die tuin deel van die kombuis voel, terwyl gepoleerde marmerslaaie die lig wat na binne stroom, baje doeltreffend weerkaats." 'n Eiland met diep laaie is die perfekte oplossing vir bēreplek, en die gunsteling-bymekaarkomplek vir gaste. >>

EETKAMER

'n Gedeelte van die muur tussen die eetkamer en kombuis is uitgebreek om die vertrekke gemakliker te laat skakel. Die groot venster bring die natuur na binne, wat die neutrale kleurskema goed aanvul.

Pebble-lig van Dark; kunswerk deur Abby Louwrens; eettafel van Houtlander; stoele van Chair Crazy; groen monnikbankie en donker houtbak van Facebook Marketplace; mat van Hertex Haus; gordyne van Hertex-materiaal gemaak deur Inside Decor

VERFKLEUR

Dulux Dusty
Countryside

AGTERSTOEP

Die siersteen in die bestaande braaikaggel is bedek met hittebestande Duram NS7-verf, terwyl die stoepvloer met DeCO- loodvrye emaljestoepverf vernuwe is. 'n Tafelloper oor die balke onder die deursigtige plafon help om die ergste son uit te hou en die strak lyne te versag. >>

Tafel van Facebook Marketplace, geverf met Dulux Pearlglō Satin Enamel; stoele van Chair Crazy; loper in die plafon van Mr Price Home

LEEFVERTREK

Die leefvertrek is pure weelde, met 'n fokusmuur wat die drama versterk. Die pragtige houtbalk was reeds daar en Rudolph het besluit om dit te beklemtoon deur die gebruik van sagte aardse kleure.

Mat van Hertex Haus; leerstoele uit die 1970's deur Gerd Lange van Maximalist Antiques, oorgetrek deur Artmore in olyfgroen leer; staanlamp van Weylandts; hanglig van Elevenpast; kunswerk deur Emma Nourse; koffietafel van Facebook Marketplace

VERFKLEUR

Dulux
Magnetic Field





Rudolph (links) en Jacques, en die honde, Jackie en Tan.



Drankkas van Facebook Marketplace

Wat gebeur as jy twee kreatiewe geeste loslaat op 'n doodgewoon voorstedelike huis uit die sestigerjare? Wel, die foto's spreek vanself...

Want met kreatiewe planne – alles binne 'n streng begroting – het die binneontwerper Rudolph Jordaan en die fotograaf en smaakmaker Jacques Oosthuizen Jordaan dié voorheen vaal blyplek naby die Rondebosch-meent 'n moderne, tydlose aanslag gegee.

Die twee is drie jaar gelede getroud en het eers in Rosebank daar naby gehuur. “Die meent was voorheen 'n militêre kamp en is deesdae 'n nasionale gedenkwaardigheid. Dit was vir ons die groot trekpleister, want op dié oop stuk veld kan ons met ons vierbeen-kinders gaan stap en oefen. Die mense van die omgewing is vriendelik en daar is 'n warm gemeenskapsgevoel, met WhatsApp-groepe vir alles en nog wat – soos die plant-uitruilgroepe waar ons plante vir ons tuin kon kry ná die bouwerk,” vertel Jacques.

Rudolph versier al 16 jaar lank huise en het die afgelope 13 jaar sy eie dekorpraktik, House of Apax. En as hy vir jou bekend lyk, kyk jy nie verkeerd nie: In 2016 was hy die wenner van die *Win a home*-dekorkompetisie op SABC3, danksy dit wat hy met 'n woonstelprojek op die Val de Vie-landgoed buite die Paarl vermag het.

Jacques het jare lank foto's geneem as 'n stokperdjie, maar dit het twee jaar gelede 'n voltydse beroep geword. Hy hou veral baie van dekorfoto's, en met Rudolph in die dekorbedryf werk hulle gereeld saam. Hy was voorheen in die wynbedryf, 'n liefde waaraan hy steeds aandag gee. In 2021 het hy die Instagram-profiel Jacques_se_wêreld begin waar hy wyn en komedie versny – iets waarvoor hy in 2024 erkenning gekry het by Netwerk24 se jaarlikse Smaakmaker van die Jaar-kompetisie. >>

Lang kussing deur Artmore; poef en strooikussings van Hertex Haus; blinding deur Inside Decor gemaak van Hertex-materiaal; die Capiz-skulwindklokkies voor die venster is 'n erfstuk



LEESHOEKIE

Die leeshoekie is die ideale plek om met 'n boek of glas wyn te ontspan en nog steeds deel te wees van die bedrywighede in die kombuis.

Pure sestiger

Tipies van huise uit die 1960's is die voorkant simmetries, met slaapkamers weerskante van die gang. Maar stap jy deur na die oopplan-kombuis-en-leefarea, en die tuin met sy sirkelbeddings daaragter, kom die ruimte werklik tot sy reg.

Vorige eienaars het deur die jare aangebou en verbreek. "Daar was baie werk," onthou Jacques. "Die plafonne en droëmure was gemuf en die dak het gelek. En onder die matte het gate in die vloere – hout in sekere vertrekke, sement in ander – geskuil."

Agter die dubbelmotorhuis is 'n gastewoonstel met sy eie kombuis en badkamer, en as bonus 'n private stoep. Hier kon Rudolph en Jacques intrek terwyl die hoofhuis 'n bouterrein was. Deesdae verhuur hulle die woonstel as

korttermyn-akkommodasie, of gebruik dit vir gaste wat wil oorslaap.

Die boogingang by die voordeur was vir hulle so mooi dat hulle niks daaraan wou verander nie. Maar in die leefgedeelte en die tuin het hulle hul eie stempel afgedruk.

"Die kombuis het die meeste geld gekos," sê Jacques. "Gelukkig kon ons elders bespaar deur net gedeeltes van die badkamers se mure te teël en die agterstoep se vloer te verf pleks van heeltemal oor te doen." Ou meubels het 'n tweede kans gekry danksy verf, beits en nuwe stoffeerwerk.

Noudat dit klaar is, beskryf Rudolph die huis se styl as "‘n keurige balans tussen eklekties en modern, met aardse elemente. Ons vriende het dit Havana-styl gedoop!" >>

Hier groei swart mondogras (*Ophiopogon* 'Black Dragon') saam met liggroen *Carex* 'Amazon Mist' en goudbruin *Carex* 'Bronco'.

Klompiestene op trap van Clay Tile; plante van Cape Garden



AGTERPLAAS

Twee boë (by die ingang en voordeur) het uiteindelik gelei tot sirkels in die agtertuin. "Dis 'n argitektoniese beginsel om herhaling toe te pas as jy 'n ontwerp wil versterk," verduidelik Rudolph. Die tuin is lieflik en sag met grasse wat in die wind beweeg; saans gooi dit die mooiste skaduwees teen die donker muur danksy sagte beligting van onder."

Die sementsirkels hou die Berea-gras en gruis klip onderskeidelik in toom. Die omgekeerde van 'n beddingkonsep geld dus hier: Plante buite die sirkels groei as't ware wild daarrondom. Al die plante wat gekies is, verg min instandhouding en sal uiteindelik die grond goed bedek, wat waterverlies weens verdamping sal beperk. Die Italiaanse sipresbome is ook droogtebestand. Die witgeverfde dromme word gebruik vir die kweek van groente en kruie en die maak van kompos.

Italiaanse sipres
(*Cupressus sempervirens*
'Stricta')

Hier kan ons *ontspan, kuier* en gemaklik
onthaal. – Jacques

EN SUITE

'n Riffelglasskerm skei ten dele die badkamer van die slaapkamer; dit bied privaatheid maar laat steeds lig in. Vloerteëls met 'n fyn visgraatpatroon skep 'n sagte dog tekstuurryke gevoel onder jou voete. Rudolph gebruik plante baie oordeelkundig, maar waarsku dat jy moet seker maak watter plante van minder lig en baie stoom hou. Hy vermy plante in slaapkamers.



Glasskerm van Ambassador;
vloerteëls van Italtile;
spieëls van Mr Price Home; wasbak van Rosco; Blutidekrane van ProjiSpec;
keramiekvoetstoel van Cécile & Boyd;
houtvoetstoel van Amatuli Artefacts;
muurteëls van Stiles

GASTEBADKAMER

Dié ruimte was baie verouderd. Rudolph en Jacques wou nog altyd 'n losstaande bad hê, en hier was genoeg plek daarvoor! >>

Chloe-bad van Livingstone Baths; Blutide-krane van ProjiSpec; wasbak van Tile Africa; Home Forest KitKat-teëls van Stiles; blinding deur Inside Decor gemaak van Hertex-lap



HOOFSLAAPKAMER

Met die oog op 'n goeie nagrus wou die paartjie 'n donker kamer met 'n klassieke gevoel skep – sonder kunswerke of plakpapier, maar met paneelwerk wat die proporsies van die vertrek beklemtoon.

VERFKLEUR

Dulux
Magnetic Field

Mat van Rebtex; leeslamp van Weylandts; muurliggie van Elevenpast; oorgooideken van African Jacquard; Noël & Marquet-kroonlyste verskaf deur Mr Cornice; bedkassie van Marketplace

V&A met Rudolph en Jacques

Wat was jul grootste besparing?

Die 10-sitplek-stoeptafel wat ons teen halfprys op Facebook Marketplace gekoop het.

Watter duur verrassings was daar?

Met die koop van die huis het ons opgelet dat die vertrek wat ons as 'n aantrekkamer wou inrig, se vloer gedeeltelik van hout en gedeeltelik van sement was – dit was half onder 'n mat weggesteek. Toe ons ná oordrag die mat lig en die planke verwyder, wag daar 'n nuwe verrassing: 'n diep gat. Dieselfde in die tweede slaapkamer wat deesdae as kantoor gebruik word. Ons moes nuwe betonvloere laat giet, wat nie in die begroting was nie – ons moes maar net die spit afbyt.

Wat was die grootste uitdaging?

Om van die stukkende klei-dakteëls te vervang. Hulle dateer uit 1960 en kom uit Nederland. Ons het op skrootwerwe gaan rondkrap en kon uiteindelik genoeg vind om die dak te restoreer. >>

KENNERSRAAD

Vloere in ou huise



Veranderings oor baie jare kan beteken dat jou opknaphuis se vloere óf skade opgedoen het, óf uiteenlopende afwerkings het.

Rudolph gee raad:

Met 'n ou huis waar die vloere 'n mengsel van sement en teëls is, is 'n mooi eenvormige oppervlak moontlik danksy verskeie tegnologies gevorderde deklae wat deesdae beskikbaar is. Een daarvan is Teracoat WB12 Premium. Net 'n dun laag van hierdie kleurhars word eenvoudig bo-oor 'n afgevlakte sementvloer of teëls aangewend, wat die arbeidskoste van vloere opkap uitskakel. Hierdie ekovriendelike produk word selfs in NAP Living-leefstylwinkels gebruik as bewys dat dit bestand is teen hoë voetverkeer.

Vinielvloere is ook 'n moontlike opsie, maar wees versigtig in oopplanruimtes waar ou en nuwe vloere wat opsigtelik van mekaar verskil, bymekaarkom.

Los matte bied goeie waarde vir geld. Sisal- en seegrasmatte, soos dié van Rebtex, skakel goed in by verskeie dekorstyle. Dit kan ook maklik pasgemaak word volgens jou behoeftes. Aangesien die materiaal 'n natuurlike produk is, is dit 'n meer omgewingsvriendelike keuse.

KONTAK houseofapex.co.za

EN SUITE

Rudolph en Jacques wou 'n buitestort aanbring, maar met die badkamerdeur oop voel dit reeds asof jy buite stort – mét al die binnegeriewe!





P1363



W674

LIG – DIE FINALE AFRONDING VAN ELKE OPKNAPPING

In enige opknapping is dit dikwels die kleinste besonderhede wat die grootste verskil maak – die sagte gloed teen 'n muur, die skitter van glas wat die lig vang. Eurolux bring daardie stil oomblikke van transformasie tuis. Die **P1363** Vetra 2-hanglamp paar glas en goud in 'n tydlose ontwerp wat glimmend sowel as gemaklik voel. Gehang bo 'n eetkamertafel of sentrale leefruimte, voeg dit warmte, weerkaatsing en 'n tikkie kalm luuksheid by – 'n herinnering dat atmosfeer by lig begin. Daarnaas bring die **W674** Nevo-muurlig gelaagde verligting in. Sy sagte agterverligte LED skep diepte en aksent, wat kaal mure in uitstaande kenmerke verander en aandag in 'n ervaring. Eurolux verstaan dat elke ruimte balans nodig het – die harmonie tussen direkte en weerkaatste lig wat stemming, diepte en dimensie definieer.

Vir meer inspirasie om die perfekte tuiste te skep, besoek www.eurolux.co.za

Voor die opknap...



Die oopplan-leefarea se vloer met sy verskillende afwerkings het soos 'n lappieskombers gelyk voor dit saam met die kombuis s'n agvlak is.



'n Rietplafon en swaar balke het die kombuis donker gemaak, terwyl die klein venster min lig ingelaat het en rakspasie in beslag geneem het.



Die verouderde gastebadkamer het een groot pluspunt gehad: Genoeg ruimte vir die losstaande bad waarvan Rudolph en Jacques gedroom het.



Terracotta-teëls op die stoepvloer en ruwe sierstene binne-in die kaggel het nie in die paartjie se smaak geval nie. Die tuin het ook aandag gekort.



Twee elemente wat hul harte gesteel het en wel behou is: Die voordeur met sy boog wat herhaal word in die gang, asook 'n mooi houtvloer.



Die ou en suite se bad is verwyder en die vertrek is omskep in 'n ware oase met 'n stort wat na buite oopmaak.



Wanneer jy by die voordeur instap, lei die reguit gang met sy treffende boë jou na die oopplan-leefarea wat uitloop op die ruim agtertuin. Die houtvloere is die oorspronklike dennenhout wat geskuur, gebeits en geseël is met Bondstick Nanolac 2K Hi Traffic. 🏠
Mat van Hertex Haus; herlaaibare muurligte van Temu; hanglig van Coote&Wench

VERSKAFFERS & KONTAKTE African Jacquard africanjacquard.com Amatuli Artefacts amatuli.co.za Ambassador ambas.co.za Artmore artmore.co.za Blutide blutide.co.za Bondstick bondstick.com Cape Garden capegardencentre.co.za Cécile & Boyd cecileandboyds.com Chair Crazy chaircrazy.co.za Cielo cielo.co.za Clay Tile claytile.co.za Coote&Wench instagram.com/coote_and_wench Dark getdark.co.za DeCO decopaints.co.za Dulux dulux.co.za Duram duram.co.za Elevenpast elevenpast.co.za Hertex hertex.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Houtlander houtlander.co.za Inside Decor insidedecor.co.za Italtile italtile.co.za Livingstone livingstonebaths.com Maximalist Antiques instagram.com/maximalist_antiques Mr Cornice mrcornice.co.za ProjiSpec projispec.co.za RainQueen rainqueensa.co.za Rebtex rebtexrsa.com Rosso rosso.co.za Sangengalo Marble & Granite sangengalo.co.za Stiles stiles.co.za Temu temu.com Teracoat teracoat.co.za Tile Africa tileafrica.co.za Weylandts weylandts.co.za

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**



ASHLEY



www.ashleyfurniture.co.za | **Centurion** | Tel: 012 749 3100
65 Landmarkslaan, Kosmosdal, Centurion, 0157




Die muur tussen die leefarea en die ou linnekamer is uitgebreek en laasgenoemde is omskep in 'n moderne, praktiese kombuis.

EETKAMER

Die oorspronklike donker houtvloere in die leefarea en eetkamer was nog in 'n baie goeie toestand. Dit is geskuur en afgerond met 'n mat Woodoc-vloerverseëlaar. Die buffet en stoele bring die tydlose elegansie van die middel 20ste eeu na die eetkamer.





HEELTYD speeltyd!

Moderne elegansie vat hande met
ouwêreldse sjarme in 'n erfenishuis.

Deur Haidee Muller-Isaacs

Foto's Karl Rogers

Produksie Marian van Wyk

Eetkamertafel deur
Jakob Interior Design
Studio; mat en lamp van
Hertex Haus; eetkamerstoële
van Klassiek Vintage Furniture and
Décor; buffet van Colonial Antiques;
ligte van Elevenpast; kunswerk
deur Louisa Krüger

BUITERUIMTE

Nadat die twee oorspronklike dubbeldeure uitgehaal is om plek te maak vir een groot stapeldeur, het die span besef dat 'n afdak nodig is. "Die vertrek sou andersins te warm word van al die regstreekse sonlig, en daarom is die prieel opgerig," verduidelik die binneontwerper Jacob Burger. Die groter deur laat oorgenoeg natuurlike lig by die huis in en verseker 'n naatlose verbinding tussen binne en buite. Van die plaveiselblokke is uitgehaal om groenigheid tussenin te plant. "Net om die *concrete jungle* so 'n bietjie te breek," skerts hy.

Bank met kussings van Hertex Haus



'n Stapelvenster in die muur van die voormalige linnekamer maak oop na die opgeknapte buitekuiersplek. "Dit beteken dat die kok in die kombuis steeds deel is van die geselskap in die eetkamer én die onthaalarea buite," verduidelik Jacob. "Die venster en toonbank is veral nuttig as jy drankies en vingerhappies aan gaste buite wil bedien."



Kaste deur
Custom
Woodwork
Design;
teëls van
Tilehouse;
kraan van
Exquisite
Bathrooms;
stoele van
Cielo


VERFKLEUR

Plascon
Tribeca
Corner



KOMBUIS

“Hier is aansienlik
meer pakeplek as tevore.
Die tuimeldroër en
wasmasjien is netjies
versteek en uit die
oog, en ’n linnekas is
ingebou,” sê Jacob.



Rakke deur Custom Woodwork Design; ornamente van H&M Home;
swart kraan en opwasbak van Exquisite Bathrooms

Toe hy sowat vier jaar gelede terugtrek na die huis wat hy die vorige paar jaar verhuur het, het dié blyplek in die Kaapse voorstad Mowbray vir hom net te koud en muurwerig gevoel. Andrew Cruickshank was lus vir ’n hartlike dog elegante ruimte wat lekker sou leef – selfs lekkerder sou kuier! – en hom laat voel asof hy heeltyd met vakansie is sonder dat hy ’n voet buite sy erf hoef te sit.

Dié erfenishuis het duidelik gesoebat vir ’n mini-opkikker om sy ouwêreldse sjarme te laat hande vat met moderne funksionaliteit. Al wat Andrew wou hoor, was: “Hallo, daar! Ja, ek is dalk oud, maar pure glans. Kom asseblief in en maak jouself tuis.”

Die gesoute binneontwerper Jacob Burger van Jakob Interior Design Studio se hulp is ingeroep om al Andrew se slim idees te omskep in ’n keurige en praktiese geheelbeeld wat visueel ’n lus vir die oog sou wees, maar terselfdertyd ook die huiseienaar se hart warm laat klop.

“Andrew het ’n goeie oog en het presies geweet wat hy wou hê,” vertel Jacob. “Ons sou aanvanklik nie groot veranderings aanbring nie. Andrew verkies skoon, netjiese lyne sonder te veel losgoed, en sy oorspronklike opdrag was: ‘Ek hou van my huis en wil net lekker en gemaklik binne en buite leef.’”

Enige nuwe ontwerp moes die eiendom se ryk karakter eer, maar kontemporêre elemente sou nodig wees om dit meer leefbaar te maak. Vir laasgenoemde het veral moderne beligting en afwerkings aandag gekry om die atmosfeer te verfris. Die veranderings was op die ou end effens groter as beplan, tog is die essensie van die huis se geskiedenis steeds lewendig gehou.

Die resultaat is ’n blinknuwe ruimte wat warmte en elegansie uitstraal met ’n oop, gemaklike vloei tussen die leefarea, kombuis, eetkamer én buite – die beste plek vir lang, luilekker somerkuiers. >>

KAAPSTAD

SITKAMER


Die sitkamer is nou waar die oorspronklike kombuis was en skakel naatloos met die eetgedeelte.

Deken, mat en kantafels van Hertex Haus; staanlamp van LIM; bruin leerstoel deur Jakob Interior Design Studio; koffietafel van Weylands



Andrew hou van musiek en sy klavier lê hom na aan die hart. Die stoeltjie voor die klavier is gemaak van sintetiese rottang; dit is UV-stabiel en dus geskik vir gebruik binne en buite.

Klavierstoeltjie van Vogel Designs



VERFKLEUR

Plascon Graphite



Kunswerk deur Hermien van der Merwe



DIE BLOU DEUR

Die huis se oorspronklike voordeur is gerestoureer en vorm nou 'n kontakpunt tussen die hede en die verlede. Andrew was dol oor dié spesifieke blou omdat dit lewendig en warm is. Die badkamer daaragter was eers 'n klein stoep.

Andrew het 'n nuwe boekrak laat insit vir al sy boeke. "Die gang was 40 cm breër aan die een kant, genoeg vir heelwat ekstra pakplek," sê Jacob. "’n Linnekas sou byvoorbeeld ook in dié ruimte kon werk." >>

VERFKLEUR

Plascon
Granite Falls

Plakpapier ontwerp
deur Jakob Interior
Design Studio



Voor

HOOFSLAAPKAMER

Die hoofslaapkamer en -badkamer is heeltemal opgeknop. Al die kaste is nuut en die en suite is vergroot deur 'n stukkie van 'n ander badkamer daaragter te steel.

“Die kleinste een het 'n ingedrukte bad gehad wat reg langs die ander badkamer was,” verduidelik Jacob. “Ons het daardie bad uitgehaal en die ruimte by die hoofslaapkamer se badkamer gevoeg sonder om dit soos 'n nagedagte te laat lyk. Albei badkamers kry steeds oorgenoeg lig.” Die kunswerk hier is van Richard Scott; sy speelse styl pas perfek by die kamer se blou-tema.

Kopstuk van Weylandts; deken van Mungo; kussings, bedkassie en -lamp van Hertex Haus

V&A met Jacob

Wat was die duurste verrassing van die opknapprojek?

Die priiel oor die buite-onthaalarea het 'n yslike bedrag by die opknapposte gevoeg. Hardehout is aansienlik duurder as sagter houtsoorte. Die aangename verrassing was dat die kombuis (voorheen die leefarea) die hele vloei van die huis verander het, wat op die ou end 'n groot aanwinst was.

Wat was die grootste besparing?

Om die plafonne net liggies op te knop en nie heeltemal oor te doen nie. Dis net netjies afgewerk; die gate waar voorheen ligte gehang het is gevul en nuwe ligte is gehang. Die plafon lyk aansienlik beter as voorheen.

VERSKAFFERS

Cielo cielo.co.za

Colonial Antiques antiquetradingco.co.za

Custom Woodwork Design

customwoodworkdesign.co.za

Elevenpast elevenpast.co.za

Exquisite Bathrooms exb.co.za

H&M Home hm.com/za/

Handles Inc. handlesinc.co.za

Hertex hertex.co.za

House & Home houseandhome.co.za

Jakob Interior Design Studio

jakobinteriors.com

Jasper & Jute jasperandjute.co.za

Klassiek Vintage Furniture and Decor

klassiek.co.za LIM lim.co.za

Mungo mungo.co.za Plascon plascon.co.za

Tafelberg Furnishers tafelberg.co.za

Tile House tilehouse.co.za

Vogel Design vogeldesign.co.za

Weylandts weylandts.co.za





Krane deur Exquisite Bathrooms; teëls van Tile House; handdoek van Mungo; spieël en lamp van Elevenpast

GASTEKAMER

Die gastekamer spog ook met spatsels blou, 'n kleur wat deur die hele huis te sien is.

Kopstuk oorgetrek met lap van Hertex; bedkassie en -lamp van Weylandts; kaste deur Custom Woodwork Design



Kassie van Klassiek Vintage Furniture and Décor; stoel van Weylandts; gordyne pasgemaak deur Jakob Interior Design Studio met Hertex-lap; vaas van H&M Home; mat van Hertex Haus

KENNERSRAAD

Skep 'n gevoel van ruimte



Die binneontwerper Jacob Burger van Jakob Interior Design Studio vertel hoe jy vertrekke ruimer kan laat vertoon en meer prakties en funksioneel maak.

- Een groot stapeldeur (pleks van 2-3 kleiner skuifdeure) of stapelvenster op die regte plek sorg vir naatlose vloei tussen binne en buite.

Alles voel dadelik oop en veel groter. Maak altyd seker dat die muurondersteuning bo die stapeldeur sterk genoeg is vir die groter opening – in hierdie geval is I-balke geïnstalleer.

- 'n Onbenutte spasie kan slim in iets heeltemal anders omskep word wat waardevolle leefruimte toevoeg. Dis amper soos herwinning: Jy het reeds die spasie en hoef nie noodwendig aan te bou om daardie ekstra ruimte te skep nie. Oorweeg die opsie om 'n muur op die regte plek uit te kap ter wille van 'n groter en meer funksionele ruimte.

- Die regte vloeroppervlak dra by tot die illusie van meer ruimte. Donker houtvloere kan 'n vertrek kleiner laat lyk. Skuur die hout af tot sy natuurlike kleur en wend 'n ligter vernis aan.

- Die regte gordyne en hoe jy dit hang, maak 'n groot verskil. Gordyne van die plafon tot die vloer, wat netjies weggetrek kan word teen die muur alkante, bring meer natuurlike lig na binne. As die materiaal kleur ook inskakel by die muurkleur, nog te beter! Dit laat die vertrek groter en deftiger lyk. Gordyne help boonop met die absorbering van klank.

KONTAK jakobinteriors.com 📍

WIE WOON HIER?

Henau Marais en Sharon

O'Callaghan-Marais

GROOTTE 293 m²

As binneversierder is dié Swartlandse inwoner gedurig aan die mooi maak. Ons kyk na haar veranderinge oor die jare heen.

DIE METAMORFOSE van 'n huis



2019



2015

SITKAMER

Die klompies met interessante teël-inlegwerk agter die kaggel is net so behou sedert 2019 en is steeds 'n treffer! Die smeulstofie is intussen met 'n meer moderne weergawe vervang en twee dramatiese kunswerke versier nou die muur daarbo.



Nadat Sharon en Henau se indrukwekkende opknapprojek in Mei 2019 op *Tuis* se voorblad en binneblaie gepryk het, móés ons eenvoudig teruggaan toe ons hoor dié kreatiewe egpaar het onlangs weer 'n paar veranderinge aangebring. Hoe dan nou anders? As binneversierder en verkenner is Sharon altyd aan die vernuwe, en vir ons is sy 'n bron van inspirasie.

Tien jaar gelede, toe hulle die huis hier op Riebeeck-Kasteel gekoop het, het dit 'n algehele gedaantewisseling ondergaan: Mure is uitgebreek, groot vensters en stapeldeure is geïnstalleer, ekstra kaste is ingebou en die kombuis verbeter. Daar was ook

aanbouings: Henau en Sharon wou 'n groter spens, motorhuis, stoep en ateljee hê.

Maar soos dit mos met gewoonte-opknappers gaan, is hulle gedurig aan't regruk. Hul planne raak immers nooit op nie!

Twee jaar gelede is die onbenutte groot balkon op die boonste vloer in 'n nuwe hoofslaapkamer omskep, terwyl die ou slaapkamer 'n ruim aantrekkamer geword het.

"Ons kon glad nie die ou balkon gebruik nie," vertel Sharon. "Dit was net te groot, en boonop sonder 'n dak – dit was dus bloedig warm in die somer en in die winter was daar geen beskutting teen die reën en koue nie." >>

Staalrakke in die plek van die houtplanke skep 'n byderwetse voorkoms.

KOMBUIS

Die voorheen dramatiese swart kombuis is nou lig en vars nadat die kaste in 'n roomkleur oorgeverf is. Die rede vir die omwenteling was tweeledig: As binneversierder was Sharon uitgekuier met swart aangesien sy byna daaglik daarmee werk – dié neiging is immers steeds baie gewild. Tweedens, die voorheen donker kleure het dit vir Henau, 'n brilddraer, moeilik gemaak om behoorlik te sien.





SÓ HET HULLE DIT GEDOEN:

- 1 Die kaste se deure is afgeskroef en buite afgeskuur; die ingeboude buitekante is net daar waar hulle was, afgeskuur.
- 2 Nadat die kaste 'n onderlaag gekry het, is drie lae Plascon Velvagro Water-Based aangewend met 'n klein roller en 'n kwas.

Dié verf is ideaal vir 'n kombuis, omdat dit uiters gehard en vlekbestand is.

- 3 Die eikehouthandvatsels is behou aangesien dit net so goed by die roomkleur as die swart pas.

WYNRAK

Die ou bēreplek vir die stofsuiër onder die trap het 'n splinternuwe voorkoms gekry met die inbou van 'n treffende wynrak van eikehout. "Dit was die ideale plek vir die wynrak in ons oopplanhuis," verduidelik Sharon. "Die ontwerp is iets anders, want omdat dit so in die gesigsveld is, moes dit iets treffends wees."





‘Waarvan ek hou’

Soos altyd wanneer jy begin krap aan ’n huis se binnekant, het kosmetiese veranderinge in ander vertrekke van die huis gevolg om die dekor ’n meer moderne aanslag te gee.

“’n Mens wil tog hê jou dekor moet saam met die tye beweeg, anders sal jou huis oud en vervelig begin voel,” sê Sharon. “Ek kom ook agter ek neig na ’n meer minimalistiese voorkoms, maar tog is ek lief vir ’n ongewone, byna obskure dekorstuk soos ’n anderster lamp of kunswerk. Sulke items is nie aan ’n tydvak gekoppel nie en sal dus nie uit die mode gaan nie.

“Ek probeer wegbly van een styl, want ek voel dit kan jou huis baie gou verouderd laat lyk,” vertel Sharon. “Jy wil byvoorbeeld nie ná tien jaar met ’n vertrek sit waar jy met een kyk sal sê: ‘Dis mos ’n 2005-voorkoms’ nie.

“My styl is bloot waarvan ek hou en wissel van Frans tot modern, maar ek vind ook ’n vertrek sal vir jou wys wat dit kort – soos byvoorbeeld ’n mooi stoel in my kamer, want my kat het ’n plek gesoek om op te lê.”

Kyk maar na die voor- en ná-foto’s in hierdie artikel. Dit vertel die hele storie.

Is Sharon en Henau dan nou klaar? wou ons weet. “Die erf is groot genoeg om dalk ’n ‘pool house’ aan te bou, of dalk onderverdeel ons dit in die toekoms,” sê Sharon.

Mm, daar’s ’n goeie kans dat ons oor ’n paar jaar weer die huis, nog eens in ’n splinternuwe baadjie, kan wys! >>

TV-MUUR

Die vorige TV-muur met sy portrette in gallery-styl was in 2019 op *Tuis* se voorblad. Intussen is ’n neutrale kas (*oorkant*) hier ingebou. “Ek wou graag meer hoogte by die vertrek inbring en die oop rakke bo die kas lei jou oog dadelik boontoe. Dit laat die vertrek groter voel,” verduidelik Sharon. “Hoewel die rakke van MDF is, lyk dit soos ’n geboude en gepleisterde struktuur, maar dis nie so permanent nie. Dis ook ’n meer moderne weergawe van gepleisterde bakstene.”

SÓ HET HULLE DIT GEDOEN:

1 ’n Skrynwerker het die struktuur volgens Sharon se skets in sy werkkamer gebou en dit is op die perseel aanmekeer gesit.

2 Elke muurpaneel is 10 cm breed, min of meer die dikte van ’n baksteen. So is die gevoel van “gepleisterde bakstene” verkry.

3 Ná ’n onderlaag is drie lae Plascon Velvagio Water-Based aangewend in ’n sementkleurige verf met ’n groengrys ondertoon om die panele soos sement-“muurtjies” te laat lyk.

EETKAMER

Terracotta is tans 'n gewilde kleur en dit het 'n moderne gevoel aan die eetkamer verleen. Sharon het 'n teël na die verwinkel geneem en hulle het dié skakering spesiaal vir haar gemeng. "Ek het op terracotta besluit bloot vir 'n verandering," verduidelik sy. "Ek kan gou verveeld raak met kleur, maar terracotta is nogal 'n diep gunsteling van my."

SHARON SE RAAD MET TERRACOTTA

- Dis lekker neutraal, want enige ander kleur pas baie goed daarby. Dink byvoorbeeld aan room, blou of selfs swart.
- Dit skep 'n aardse gevoel – klei kom immers uit die natuur.
- Dit verleen warmte aan 'n koue vertrek.





GASTETOILET

Die gastetoilet se groen mure is nou ook terracotta (dieselfde kleur as die eetkamermuur). Die paneelwerk teen die muur was destyds groot nuus, en is dit nog steeds. Dit bly 'n slim manier om tekstuur teen 'n muur te skep sonder dat dit jou bankrot maak!

SÓ HET HULLE DIT GEDOEN:

- 1 Die agterste muur is in twee verdeel om die grootte van die "blokke" te bepaal, waarna dieselfde afmetings teen die twee symure uitgewerk is.
- 2 Dun houtpanele is in die regte mate vir die blokke (sowat 30 x 30 cm) gesaag en met Pattex No More Nails vasgelym - Sharon sê dit kleef steeds soos 'n droom na al die jare!
- 3 Twee lae verf in die terracottakleur is oor die vorige groen aangewend. >>





SLAAPKAMER

Die ou balkon is toegebou om dié indrukwekkende nuwe hoofslaapkamer met sy hoë katedraal-plafon te skep. Die vloerteëls wat op die balkon was, is net so behou – 'n slim randrekker.

SÓ HET HULLE DIT GEDOEN:

- 1 Die nuwe dak moes aansluit by dié van die huis, daarom is dieselfde A-raam uitgebou.
- 2 Om soveel hoogte moontlik in die tipies knap A-raam te behou, is geen dwars dakkappe ingesit nie.
- 3 Die ou houtdeure na die balkon is vervang met kleiner Franse deure in swart aluminium wat nie te veel ruimte in beslag neem nie. 'n Lang, smal "prentjievenster" teen die oorkantste muur bring natuurlike lig in en skep ongewone detail. >>



AANTREKKAMER

Die vorige hoofslaapkamer langsaan se houtvloer is wit geverf en die vertrek is ingerig as 'n ruim aantrekkamer met instapkaste en oorgenoeg laaie vir bēreplek.



PLAFON EN VLOERE

Al die plafonne in die huis is met naatlose Isoboard-panele vervang aangesien die vorige plafonne nie netjies afgewerk was nie; dit het boonop 'n kothuisvoorkoms gehad wat nie by die kontemporêre opgeknapte huis pas nie.

*So 'n projek gaan nie so vinnig as wat jy dink nie – jy moet
maar geduldig wees met die meet en pas! – Sharon*



V&A met Sharon

Wat was die duurste verrassing?

Daar was geen sulke verrassings nie! Ons het ons huiswerk baie mooi gedoen voor ons enigiets aangepak het. En dit was darem nie ons eerste projek nie.

Grootste besparing?

Ons ervaring! Ons het besluit om die bestaande teëls op die balkon te hou en die bouers het nie een van hulle beskadig tydens die bouwerk nie – dit was ons grootste geskenk.

Was daar enige foute?

Ons is nie mense wat enigiets halsoorkop aanpak nie; ons dink baie lank na oor iets en beplan baie goed om foute te vermy, want foute kan baie duur wees. 🏠

VERSKAFFERS EN KONTAK

Isoboard isoboard.com

Pattex pattex.co.za

Plascon plascon.co.za

Sharon O'Callaghan-Marais [instagram.com/sharonocallaghanandesign](https://www.instagram.com/sharonocallaghanandesign)





Cream

Vind Jou Inspirasie.



Vir meer inligting oor die produkte en handelaars besoek www.medalpaints.co.za

'n Uitsig wat oorrompel

Dit is wat die koper vereis het – en in oormaat gekry het in 'n glashuis hoog bo die Jakarandastad.

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Amanda van Wyngaardt

WIE WOON HIER?

Nic en Jenni van der Walt en hul honde, Lupa en Lexi

GROOTTE 774 m²

Hier in die
ontbythoekie drink
die Van der Walts
soggens koffie met
die mooiste uitsig
aan hul voete.

Geel stoele van
Decofurn; tafel van
Bark & Steel



Die paartjie se splinternuwe kombuis vorm deel van 'n groot oopplanruimte wat ook die ander leefareas insluit. Nic sê dit is ideaal wanneer hulle vriende onthaal. "Terwyl jy kook, kan jy steeds met gaste in die eetkamer of sitkamer gesels." Die kombuiseiland is presies wat Jenni wou hê: "n Skoon en gladde voorkoms met alles netjies toe agter deure en in laaie." Sy het induksieplate in plaas van gasbranders gekies omdat dit mooier lyk en makliker is om skoon te maak. Die kjaatkaste is deur Easy Life Kitchens geïnstalleer.

Ronde hangligte van Ngwenya Glass; ligte van Spazio; kroegstoele van Cielo; mat van Airloom

Ek is gaande oor orgideë. Dit kikker enige ruimte op wat andersins donker en strak sou lyk. – Jenni





Super Cast Deco-vloer deur Cast in Stone; blompot en kruik van Mr Price Home

Die een ding waaroor die narkotiseur Nic van der Walt nooit sou onderhandel wanneer hy die dag begin huis soek nie, was 'n uitsig wat hom geheel en al oorrompel. Op 'n dag draf hy toe 'n spoggerige “ou meneer” uit die 1970's raak op 'n steil bultjie in die Pretoriase buurt Muckleneuk.

Die eiendom, met sy ingang op die boonste van drie verdiepings, het dadelik sy aandag getrek. Terwyl Nic nog gewik en weeg het oor sy volgende stap, het hy verneem dat die plek kort tevore in die mark was, maar die koop het deur die mat geval. “Die eienaars was huiwerig om weer te adverteer, maar die agent het my aangeraai om tog te gaan kyk.”

Met die intrapslag was die huis, versteek agter 'n paar struik, soos 'n magneet vir Nic. “Al sou dit heelwat opknappewerk verg, was al my bedenkinge gou vergete.” Die wonderskone uitsig oor die Jakaranda-stad was so reg in sy kraal.


“Ek was toe nog enkellopend en die groot huis met sy vyf slaapkamers sou heeltemal te groot vir my wees. Maar ek kon daardie uitsig nie weerstaan nie,” onthou hy.

Twee maande na sy huiskopery vroeg in 2019 het Nic se paaie met dié van Jenni, 'n bedryfsprobleemoplosser by 'n finansiële maatskappy, gekruis. Nie lank daarna nie is die argitek Inge Wilkinson aangestel met die opdrag: “staal, glas, sement en baie lig”.

Wat sy ontwerp het, was 'n argitektoniese wonder: modern, minimalisties, met skoon lyne en gladde afwerkings asook vloer-tot-plafonvensters wat hope natuurlike lig oral inlaat.

Vyf jaar gelede is met die ombouery begin, tot die Covid-pandemie die projek in Maart 2020 in die wiele gery het. “Hulle het pas die dak afgehaal, maar moes alles eers net so los,” vertel Jenni. “Toe die reënseisoen aanbreek was dit nogal traumaties so sonder 'n dak, maar in Junie 2020 kon die werk gelukkig hervat word.” Op die ou end sou die hele projek agttien maande duur.

Met hul albei se tipe A-persoonlikhede moes alles perfek wees. Jy sou Jenni byvoorbeeld oral met 'n maatband sien rondstap en alles meet. “Elke skakelaar moes op 'n sekere hoogte van die vloer af wees en nie 'n sentimeter hoër of laer nie!” >>



Drank-trolle van Mr Price Home



Nic het die skildery teen die eetkamermuur jare gelede gekoop by 'n eetplek wat hy graag besoek het.

Hanglig van Bright Star Lighting; blompot van Gonk



Al het Nic nie aanvanklik van die trapsekag in die middel van die huis gehou nie, is dit nou 'n treffende fokuspunt. "Die skag huisves die trappe tussen die drie verdiepings en na die dek bo. Die vorige struktuur het soos 'n tronk gelyk; ek wou die trappe binne behou en aanvanklik die middelste staaldeel vervang met 'n kunstige kabelstruktuur," verduidelik hy. "Maar die bouer het ons afgeraai omdat die kabels nie veilig sou wees nie – iemand sou moontlik kon deurval. Die planne sou waarskynlik nie goedgekeur word nie." Alles binne die skag is toe uitgebreek, die ingang is vergroot en nog 'n stel trappe is bygevoeg om by die nuwe dek bo uit te kom. "Dis nou ons jaarlikse Kersboom – ons hang Kersballe en liggies aan die staal."

KENNERSRAAD

Só woon mens gerieflik agter reuse-vensters



Sihan Wiid van Mink Interiors gee dié praktiese wenke:

- **Verbleiking weens die son** Natuurlike materiale soos linne en katoen is pragtig, maar die vesels verbleik gou in skerp lig. Ook hout, skilderye en gestoffeerde meubels loop deur. Kies dus eerder sintetiese materiaalmengsels, sonskerms of 'n UV-beskermer op ruitglas.
- **Privaatheid** Mense verbeel hulle maklik dat hulle in 'n visbak woon omdat soveel glas jou blootgestel kan laat voel. Met Sheerweave- outomatiese blindings kan jy die uitsig bedags geniet sonder dat enigiemand kan inkyk. Dit beskerm ook die interieur teen verbleiking. Mat ("frosted") glas keer dat mense kan insien sonder om natuurlike lig te blokkeer.
- **Maatreëls vir temperatuurbeheer** Gordyne met

termiese voering, dubbelglas of slimglastechnologie (waarmee jy die glas se deurlatendheid kan beheer) is uiters doeltreffend. 'n Knetterende kaggelvuur versag 'n kil atmosfeer en verskaf hitte. Lugvloei kan verligting bring in die somer – oorweeg 'n plafonwaaier.

- **Versag die harde voorkoms van glasvlakke** Moenie suinig wees met hout in die kombuis nie. Kaste, 'n eiland of subtile aksente van hout verskaf warmte in kontemporêre ruimtes. Natuurlike teksture kontrasteer pragtig met groot glasvlakke en staal, en sal die hart van die huis geselliger laat lyk. Leermeubels, sagte matte en spatsels helder kleur in kussings, matte of kunswerke kontrasteer met enige son wat teen glas weerkaats. Dit skep visuele diepte en 'n gevoel van knusheid en intimiteit.

KONTAK minkinteriors.co.za

Hulle het die blou stoele gekies omdat die sitkamer somber sou lyk daarsonder, sê Nic. “Die vloer is gryserig, die huis het baie swart buite en die mure binne is wit. Ons moes kleur inbring vir 'n bietjie lewe.” Die bêreplek vir stompies weerskante van die kaggel was oorspronklik boekrakke. Die Afrika-skets bo die kaggel is deur die Pretoriase kunstenaar en illustreerder Marika Mahne.



Kandelaar van K. Light; nestafels van Bark & Steel; blou stoele van Decofurn; grys banke van @home; deken van Woolworths; mat van Hertex Haus

Nuwe huis binne die oue

Omdat die oorspronklike afwerkings nie na hul smaak was nie en die Van der Walts 'n eleganter voorkoms verkies, het 'n nuwe huis as't ware binne die staalstruktuur van die oorspronklike een verrys tydens die verbouings.

Argitektoniese detail was belangrik, en groot klem is gelê op die afronding. “Die meeste van die I-balke in die ou struktuur is behou en nog is bygevoeg waar nodig. Al die afvoergeute aan die buitekant is ook afgehaal en vervang met reënkabels, omdat dit vir ons mooier lyk,” vertel Nic.

Binne is onnodige hoekies en draaitjies verwyder, want hulle wou dwarsdeur hul huis – van een kant na die ander – kon sien, sonder enige gordyne of blindings voor die vensters. “Daar is wel blindings in die TV-kamer om weerkaatsing op die skerm te vermy, maar


wanneer dit opgetrek is, word dit half versteek agter die I-balke,” sê Jenni. Alle kabelgeleidings is ook in die mure versteek. “Dit lyk asof die TV letterlik uit die muur kom. Verder het ons moeite gedoen met veral die ligte. Die meeste het oorspronklik teen die mure gesit en ons wou hê alles moes van die plafon hang.”

Jenni het 'n Excel-dokument met al haar dekorwense geskep – pryse, afmetings en 'n skakel na verskaffers se webtuistes. “My vorige tuinstel was vir lank ons eetkamerstel. Niks in die winkels het in ons smaak geval nie en ons het heelwat meubels laat pasmaak omdat ons spesifiek was oor ons keuses.”

Jenni en Nic woon nou al vier jaar in hul droomhuis. “Ek dink die huis weerspieël ons albei se persoonlikhede. Ons is dolgelukkig hier,” sê sy. >>



Die aansig van die straat af wys net genoeg om 'n verbyganger nuuskierig te maak. Agter die trapskag is die oop dek te sien wat die Van der Walts gereeld inspan as onthaalplek, en ook om die wonderlike uitsig oor die stad te aanskou.



Plafonlig van Spazio;
bedlampe van Weylandts;
bedkassie van Bark & Steel;
grys kopstuk van Cielo;
vaas van Gonk



Een van Jenni se versoeke was 'n spesiale instapkas vir al hul skoene. Sy spog met 41 pare hakskoene en die twee van hulle besit altesaam 64 pare tekkies. "Daar is ook 12 pare stewels," sê Jenni. >>

Houtskoolkleurige kaste deur Easy Life Kitchens; groen kombers van @home; wit kombers van Hertex Haus; kolligte van Spazio; olyfgroen fluweelkussings van Woolworths; tropiese kussings van Gonk

VERFKLEUR

Plascon Tribeca Corner



Die paartjie het dié badkamer se
oorspronklike bad en wasbakke
vervang met nuwes van L Coste
Dezigns. "Ons moes darem net een
bad in een van die sewe badkamers
hê," sê Jenni. "Hoewel ons nooit bad
nie, maak dit 'n baie mooi prentjie.

Krane van Isca



Voor die opknap...




Mure aan die agterkant van die ou eetkamer is uitgekap sodat dit nou een ruim vertrek saam met die kombuis en leefarea vorm.



Die siersteenmure buite is afgewerk met 'n pleisterlaag en in 'n kontemporêre grys gevef. Al die vensters is vervang met nuwes van die vloer tot die plafon.




Aan die noordekant het die Van der Walts die balkon voor die leefarea op die boonste verdieping verleng.



Die ou kombuis was donker, taamlik knap en half weggesteek om 'n hoek. Dit is vorentoe gebring tot in die leefarea; die agterdeur is vervang met een van glas.



Die oorspronklike ingang voordat die bakstene opgetel, die vloeroppervlak geteël en die afdak verwyder is.



Die ou parkeerarea was taamlik knap. Die inrit is gelig, die hek en bome is verwyder en nuwe motorhuise is op straatvlak gebou.



Die trapsekag is na bo verleng, het 'n lang venster bygekry en lei nou ook na 'n buitedek bo-op die huis se dak. Die ou voordeur is vervang met 'n stylvolle reuse-glasdeur.



'n Vier meter hoë Kersboom, wat die paartjie self gemaak het, word in die Kerstyd op die skag se dak geplaas waar mense dit vanuit die stad kan sien. Binne hang hulle balle en liggies. 🏠



KONTAKTE & VERSKAFFERS @home bash.co.za Airloom airloom.co.za Bark & Steel barkandsteel.shop Bright Star Lighting brightstarlighting.co.za Cast in Stone castinstone.co.za Cielo cielo.co.za Decofurn decofurn.co.za Easy Life Kitchens easylifekitchens.co.za Gonk gonk.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Isca isca.co.za K. Light klight.co.za L Coste Dezigns lcostedezigns.co.za Mr Price Home mrphome.co.za Ngwenya Glass shop.ngwenyaglass.co.sz Spazio spazio.co.za Weylandts weylandts.co.za Inge Wilkinson inge@soloarchitect.co.za Woolworths woolworths.co.za

WIE WOON HIER?

Werner en Roulene Merbold

GROOTTE 183,5 m²

Tant Rose se huisie 'n Eeu later

Deur Marliza van den Berg • Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Met liefde is dié seehuis
reggemaak vir die 21ste eeu.

KOMBUIS

Die kombuis is vergroot en nou deel van die oopplanleefruimte met 'n plafon van rou beton wat 'n aardse gevoel oordra. Die kombuiskaste is deur Reilynn Projects Custom Cabinetry in Pretoria gemaak, plat verpak en na Klein-Brak vervoer. Die swart uitstalkas is by Builders Home in Mosselbaai gekoop; Connie Searle het dit gerestoureer en geveer.

Groen keramiekware (op die groen kas) van Prêt-a-Pot; groen kas van Amatuli Artefacts





Voor



Nou

VERFKLEUR

Plascon
Fools Paradise

Almal wil 'n huisie by die see hê, sing Koos Kombuis mos. En sedert die 1920's was Rose Cottage presies dit vir generasies mense wat jaar na jaar hier in die Suid-Kaap kom uitspan het.

Werner en Rouxlene Merböld van Pretoria het as jonggetroudes tydens vakansies by 'n familielid verlief geraak op Klein-Brakrivier, 'n kUSDorp tussen Mosselbaai en George. "Dis stil, klein, privaat en vol erfenishuise," sê Rouxlene. Geen wonder dis waar hulle toe hul eie strandhuis wou koop nie.

Deur die jare het Rose Cottage baie veranderings ondergaan en sy eienaars het gekom en gegaan – tot die Merbolds dit in 2013 gekoop het.

"Van buite was dit 'n eenvoudige strandhuis met 'n rondawel," vertel Rouxlene. "Die rondawel is omstreeks 1923 gebou en die huis het later bygekam.

"Die plek was afgeleef, die rondawel is as pakplek gebruik en ons het selfs 'n Aga-stoof agter 'n vrieskas in die kombuis ontdek. Vir 40 jaar het dié ou stoof geen hitte uitgestraal nie.

"Ons het aanvanklik net die huis skoonmaak, die vensters se diewering verwyder omdat dit soos 'n tronk gevoel het, en verwerk gedoen om dit leefbaar te maak." >>

HOOFSLAAPKAMER

Die bedbasis in die hoofslaapkamer is van houtpalette gebou en die kopstuk is die sykant van 'n ou hospitaalbed wat Rouxlene swart gespuitverf het.

Die mat was 'n tweedehandse vonds.

Ligte van The Lamp House; dekens van Superbalist; blou strooikussing van Mr Price Home; botaniese strooikussing van The Bedroom Shop

EETKAMER

Natuurlike lig stroom by die eetkamer in. Die plafonne is uitgehaal en oop balke skep 'n gevoel van ruimte.

Tafel, stoele en banke van Incanda; mat van Weylandts; ligte van African Handmade Products in KwaZulu-Natal



Oper en groter

Werner en Rouxlene het 10 jaar lank heerlik in die eenvoudige huis vakansie gehou, maar twee jaar gelede was dit tyd vir 'n behoorlike opknep. Die plafonne het gesak, die houtvensterrame was gedaan en die kombuis was beknop en het 'n onpraktiese uitleg gehad.

Platslaan sou die eenvoudigste oplossing wees, maar Rose Cottage is 'n erfenishuis en boonop het sentiment en tradisie vir Werner en Rouxlene swaar geweeg. "Ons wou die huis se geskiedenis respekteer en die karakter, nostalgiese gevoel en sjarme behou, maar 'n meer moderne voorkoms met 'n praktiese binnekant skep," sê sy.

Jare se aangelapte en ondeurdagte veranderinge het 'n paar

argitekte afgeskrik. Maar AJ Smit van Palin en Smit Argitekte in Pretoria het kans gesien vir die uitdaging.

Die eerste keer toe hy Rose Cottage sien, het hy net sy kop geskud en gesê: "Dis 'n aangeplakte nagmerrie." Uiteindelik het hy wel saam met die gesin begin droom, en kon die projek begin.

Binnemure is uitgebreek om oopplanruimtes te skep, 'n gesellige kuierstoep, buitebraai en buitestort is aangebou en een van die ses slaapkamers is opgeoffer om die kombuis te vergroot. Die vensterrame in die oorspronklike deel is met nuwe houterame vervang en vloere, elektriese bedrading en die dak is oorgedoen. >>

LEEFAREA

Die moderne leefarea met sy rietplafon is aangebou. Dit is een van die gesin se gunstelingruimtes, met al die gemak wat hulle kon vra. 'n Antieke Indiese kis van Die Langhuis op Barrydale dien as koffietafel.

Banke van Weylandts; ligte van Eagle Lighting; mat van Superbalist; mosterdkleurige deken van Love of Linen; geborduurde linnekussings van Evolution Product; effekleurige kussing van The Bedroom Shop



Borde van Karoo-padstal;
mat van Weylandts

En die Aga?

Aanvanklik het Werner dié versamelaarstuk uit 1941 self reggemaak totdat dit in 'n werkende toestand was. "Ek het die projek in 2014 aangepak met 'n flits, hamer, selfoon en die internet."

Tydens die laaste opknap moes die stoof 2 meter ver van die kombuis na sy nuwe staanplek geskuif word – en gevolglik weer uitmekaargehaal word. Werner wou dit self doen, maar het op die ou end die Aga-kenner Arthur Reid van Graaff-Reinet se hulp ingeroep om die stoof in ere te herstel. Sy belofte aan Rouxlene was: "Mevrou, ons gaan haar weer laat lewe." En hy het sy woord gestand gedoen.

In Desember verlede jaar is die huis ná sy opknap ingewy. Vir Rouxlene en Werner, hul drie kinders en twee skoonseuns was die vakansie in die nuwe huis met sy groot, oop leefruimtes die beste ooit.

En ondanks die verbrekings sal tant Rose, die eerste eienaar, steeds die voetspoor van haar strandhuis se oorspronklike struktuur van buite herken, al is hy nou vernuwe en reg vir die 21ste eeu. >>



Die Aga-kenner Arthur Reid het dié pragstuk uit 1941 ([links](#)) kom restoreer. Vandag help die stoof om die huis se storie te vertel.



Die oorspronklike foto van Rouxlene se ma, Orpa Eliza Bekker (*onder*), is deur Studio We Curated Interiors vergroot, op seildoek gedruk en in kiaathout geraam. Die foto van die 21-jarige Orpa is destyds deur die JW Jagger-maatskappy, wat rokmateriaal ingevoer het, gebruik.





Groen vaas (heel boonste
rak links) van Prêt-a-
Pot; tafel en bankie van
Houtlander; die stoel was 'n
tweedehandse kopie

KENNERSRAAD

Verfwenke vir seehuise



Klam seelug, vogtigheid en roes is permanente uitdagings by strandhuise. Johann Gerber, nasionale bemarkingshoof van Medal Paints, het dié raad:

Voordat geverf word, maak seker of dit 'n nuutgepleisterde

oppervlak is en of daar reeds 'n verflaag is. Mure moet goed skoon en droog wees. 'n Basislaag soos Medal Solvent Based Plaster Primer word aanbeveel om die verflaag aan die pleisterlaag te bind. Die verf het alkali-bestande eienskappe wat verf langer laat hou.

Medal Premium Cover All is 'n goeie keuse vir strandhuise. Dis 'n luukse akrielbasisverf met 'n seemsleer-effek wat op binne- en buitemure gebruik kan word. Dit is duursaam, wasbaar, en UV- en vlekbestand.

Seehuise moet jaarliks afgespuit word om die effek van die seelug te beperk. Die eienskappe van bogenoemde verfprodukte help dat dié soort skoonmaak nie te dikwels nodig is nie.

Vir dakke is Medal Premium Roof Paint 'n goeie weerbestande dakverf met 'n glansafwerking wat beskerming bied teen swamme en die opbou van vullis. Everflex Liquid Rubber is 'n duursame rubberverf waarmee dakke waterdig gemaak en afgewerk kan word in een aanwending. Dit verskaf goeie isolasie wat huise koel hou tydens somermaande en warm gedurende die winter.

Roes is 'n algemene probleem langs die kus. Die korrekte basislaag vir dié omgewing is belangrik. Medal se Quick Drying (QD) Industrial Primer is ideaal om oppervlakke te behandel voordat dit met 'n produk soos Medal QD Enamel geverf word.

KONTAK medalpaints.co.za

TV-KAMER

'n Muurbehangsels van Evolution Product bring 'n aardse element na die vertrek.



Waarvan ek *die meeste hou* in die huis, is die mense
met wie ek dit deel. – Rouxlene

SITAREA

Die grys muur en vloer in die sitgedeelte sluit aan by die betonplafon in die kombuis. 'n Selfoonfoto wat Werner een mistige oggend van Klein-Brak se brug geneem het, is vergroot en agter die bank gehang. >>

Bank van La Grange Interiors; kometers van Poetry; linnekussings van Evolution Product; effekleurige en appliekussing van Garden Bleu

VERFKLEUR

Plascon
Slate Stone



VOORAANSIG

Die vooraansig van die huis met sy aangeboude stoep. Charl van der Walt van CW Construction van Pretoria het die bouwerk gedoen. Die span het sewe maande in Klein-Brak kom bly om die projek te voltooi.



Die rondawel was 'n seeroog. Hulle het slooping oorweeg totdat 'n artikel van 'n silo in *Tuis* (Desember 2013) Rouxlene oorreed het om iets besonders daarvan te maak.

KENNERSRAAD

Hoe gemaak met 'n asbesdak?



Antwoorde oor die veilige hantering van enige asbes-elemente kan baie tegnies raak, sê Kobus Carstens van Asbes Away, 'n geregistreerde asbeskontraakteur ("RAC") wat in dié diens spesialiseer. Hy raai mense wat asbeswerk beplan aan om altyd 'n spesialis te raadpleeg om seker te maak

jy oortree nie die regulasies of stel jouself of bure in gevaar as jy 'n opknapprojek aanpak nie. Die Asbes-verminderingsregulasies ("Asbestos Abatement Regulations") van 2020 is beskikbaar op Asbes Away se webwerf (asbesaway.co.za/faq.html) of by labour.gov.za. Lees dit vir agtergrond, en neem die volgende in ag:

- Huishoudelike asbesstrukture wat funksioneel en in 'n goeie toestand is, is wettig en verwydering word nie in hierdie stadium vereis nie. Jy kan dus 'n huis met 'n asbesdak koop, maar stel dit as voorwaarde vir die verkoper dat jy 'n asbes-inventaris met 'n risiko-ontleding vereis soos deur die asbesregulasies beskryf. Vergewis jou van die inventaris se inhoud en stel dit voortydig aan jou bank (as jy 'n verband uitneem) en versekerbaar beskikbaar.
- As die dak vuil is, mag jy dit verf, maar jy mag dit nie skoonmaak deur bewerking of behandeling van die asbes nie. Jy moet bo-oor die vuilis verf; die meeste verfprodukte vaar nie goed nie.

- Herstelwerk aan 'n asbesdak word as Tipe 1, 2 of 3 geklassifiseer. Tipe 1-werk, wat die verf of verwydering en vervanging van minder as 10 m² asbes behels, mag jy self doen, maar jy moet steeds sekere regulasies nakom. 'n Geregistreerde asbeskontraakteur moet Tipe 2 en 3 behartig.
- Tipe 2- en 3-werk moet ook deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid ("AIA") gemoniteer word. 'n Lys van dié owerhede, byvoorbeeld SafeNet Africa (safenetafrica.co.za), is op Asbes Away se webwerf beskikbaar. Jy moet daarby 'n kennisgewing aan die Departement van Indiensneming en Arbeid ("DoEL") stuur wat die beplande werk beskryf. Al dié ekstras maak herstelwerk aan 'n asbesdak duurder as aan 'n gewone dak.
- Aan die einde van jou opknapprojek moet jy twee dokumente hê: een van die goedgekeurde inspeksie-owerheid wat aandui dat die werk veilig uitgevoer is, en 'n bewys dat daar veilig van die asbes ontslae geraak is. Dit is die enigste dokumente waarmee jy jou sal kan verweer teen enige bewering dat iemand se gesondheid in gevaar gestel of die omgewing besoedel is.
- Jy mag nie in materiale wat asbes bevat, sny of boor nie. Jy kan niks daarop installeer nie; ook nie sonkrappanele nie. En terwyl jy besig is met die dak, kyk of daar asbesgeute is en in watter toestand dit is. Dieselfde reëls is op geute van toepassing.

KONTAK asbesaway.co.za

VERSKAFFERS & KONTAKTE African Handmade Products 061 424 4125 **Amatuli Artefacts** amatuli.co.za **Arthur Reid Aga Services** 063 617 7967 **Builders Home** buildershome.co.za **Carné Interiors** carneinteriors.co.za **Connie Searle** 083 442 6235 **CW Construction** 012 997 3674 **Die Langhuis** dielanghuis.co.za **Eagle Lighting** eaglelighting.co.za **Evolution Product** evolutionproduct.co.za **Garden Bleu** gardenbleu.shop **Gerhard die Nutsman** 084 437 0600 **Houtlander** houtlander.co.za **Incanda** incanda.co.za **Karoo Padstal** 081 219 2860 **La Grange Interiors** lagrangeinteriors.co.za **Love of Linen** instagram.com/love_of_linen_plett **Mr Price Home** mrphome.com **Old Time Bathrooms** oldtimebathrooms.co.za **Palin Smit Argitekte** palinsmitarchitects.co.za **Plascon** plascon.co.za **Poetry** poetrystores.co.za **Prêt-a-Pot** pret-a-pot.com **Reilynn Projects and Custom Cabinetry** 082 332 7217 **Stiles** stiles.co.za **Studio We Curated Interiors** studiowe.co.za **Superbalist** superbalist.com **Weylandts** weylandts.co.za **The Bedroom Shop** thebedroomshoponline.co.za **The Lamphouse** thelamphouse.co.za

BADKAMER

In die badkamer is oud en nuut met groot sukses gemeng.



Koperstorkop en krane van Old Time Bathrooms; teëls van Stiles; African Jacquard-handdoek van Love of Linen

KLEIN-BRAKRIVIER



GASTEKAMERS

Stapelbeddens wat deur Gerhard die Nutsman van Klein-Brak gebou is, gee ekstra slaapplek en 'n ou kas van Builders Home in Mosselbaai verskaf pakplek.



Mat van Mr Price Home; kussings van Carné Interiors



V&A met Rouxlene

Wat was die duurste verrassing tydens die regrukprojek?

Daar was heelwat: Die sitkamerteëls was op sand gelê en nie op 'n betonvloer nie, die mure het nie behoorlike fondasies gehad nie, en in die badkamer was daar 'n enkelmuur wat op die houtvloer gebou is. Ons moes die asbes van die rondawel en die huis se dak laat verwyder. Om dit verantwoordelik en ingevolge nasionale regulasies te doen, is duur. Die dak was trouens in sy geheel die duurste verrassing. Die dakbalke was vrot en ver uitmekaar, en die stutte verkeerd ontwerp. Ons was verplig om nie net die asbesdak te vervang nie, maar ook die hele dakstruktuur.

Wat was die grootste besparing? Die Aga-stoof wat ons kon red en weer in 'n werkende toestand kon kry.

Wat sou julle anders doen? "Ons moes 'n ingenieur gekry het om die huis en veral die dak te inspekteer voordat ons planne laat teken het. Eers toe die bouer die plafonne uithaal, het ons besef die hele dak moet vervang word. 🏠

Pasgemaak

Die oorspronklike huis op dié eiendom het nie 'n opknap regverdig nie, toe sloop die eienaars dit en bou 'n splinternuwe kothuis in sy plek.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

MUURAFWERKING

Sabre Poly Acrylic in die kleur
Loadshedding uit die
Kleur Collection van Kleur Space

DIE EIENAARS Cath Hempel en haar man
GROOTTE VAN EIENDOM 993 m²
GROOTTE VAN KOTHOUIS 112 m² (dubbel-
motorhuis en onderdakstoep uitgesluit)

BUIITE-OM

Die Hempels se wens was dat die nuwe kothuis visueel by die hoofhuis moet pas. Daarom het hulle 'n donker afwerking gekies, met bekleding van Brasiliaanse ipe-hout wat oorgebly het ná die hoofhuis gebou is, vir kontras.

“Hier aan die rotsagtige kus van Kaap St. Francis – plaaslik bekend as ‘The Wildside’ – word ons blootgestel aan stormweer in die winter, wat tuinmaak bemoeilik,” sê Cath.

“Ons weet nou al ons moet plant wat in die omgewing groei. In die begin het ons gesukkel, maar hier groei nou fynbos, soos vygies en 'n paar aalwyne – alles endemies en min moeite.”

Nadat hulle die eiendom gekoop het, het hulle 'n boorgat laat sink en goeie water net 'n paar meter diep gekry. Benewens sonkrag gebruik die kothuis dus boorgatwater, wat ook na die hoofhuis herlei is.

Mense wat in glashuise woon, besef die waarde van privaatheid terdeë. Toe die eiendom agter hul seefronthuis met sy groot vensters dus in die mark kom, het die Hempels nie twee keer gedink nie – en dit gekoop.

“Ons het geweet dat wie ook al die huis agter ons koop, waarskynlik nog 'n verdieping sou byvoeg ter wille van die uitsig, wat beteken hulle sou reg in ons huis kon kyk,” verduidelik Cath.

Om die koop die moeite werd te maak, het die paartjie besluit om 'n kothuis op die eiendom te bou vir hul dogter Sasha en haar lewensmaat, Graham, wat dikwels uit Kaapstad hierheen kom vir kuier én vir werk.

“Ons gebruik dit ook as gaste-akkommodasie en beplan om dit ons vakansieplek te maak wanneer ons afskaal,” sê Cath. “Die

kothuis word nou ook as ‘Sasha’s Cottage’ op Airbnb gelys.”

Aangesien die oorspronklike huis nie 'n opknep sou regverdig nie, het die Hempels besluit om die plek te sloop en van voor af te bou. Hulle het 'n vriendin, die argitekontwerper Nicola Hecht van Inside Out Architectural Design Studio, gevra om die nuwe kothuis te ontwerp. “Dit moes eenvoudig wees: twee slaapkamers en twee badkamers met 'n oopplanleefruimte tussenin,” sê Cath.

Die gebou moes ook in die vorige huis se voetspoor pas. “Die eiendom is minder as 100 m van die hoogwatermerk af geleë en indien ons die voetspoor oorskry, sou 'n omgewingsimpak-sertifikaat nodig wees,” verduidelik sy. “Ons moes so 'n impakstudie vir ons hoofhuis laat doen, en wou nie weer deur daardie proses gaan nie.” >>





DIS IN DIE DETAIL

Die venstersitplekke in die slaapkamers is beklee met vloerplanke van Oggie Hardwood Flooring.

VENSTERSITPLEK

Om die slaapkamers ruimer te laat voel, het Nicola venstersitplekke ontwerp wat effens na buite oorhang. Dié vensters is afgewerk met 'n rou betonomranding.

Besielde ontwerp

“Die Hempels se hoofhuis is kontemporêr, met 'n lae profiel, en ek wou iets in 'n soortgelyke styl ontwerp,” vertel Nicola. “My inspirasie was die bekroonde Brillhart-huis in Miami in die VSA: klein, eenvoudig en prakties.”

Om die kompakte ruimte oop en lugtig te laat voel en meer natuurlike lig in te bring, het sy 'n effens skuins plafon ontwerp wat van agter na voor met drie grade styg. “Die geleidelike helling lei die oog boontoe sonder dat dit die ruimte oorweldig,” verduidelik sy. “Ons het die binneruimtes ordelik en oop gehou sonder gange wat plek in beslag neem.”

Vir 'n skoon, minimalistiese silhoeët van buite gesien is die dak agter 'n soliede borswering versteek. “Dit sorg dat die daklyn onopvallend en diskreet is, wat die vars, moderne fatsoen van die gebou versterk.”

'n Donker, byna swart buite-afwerking met aksente van hout verseker 'n netjiese skakel tussen die kothuis en die hoofhuis. “Gelukkig het die Hempels Brasiliaanse ipe-houtbekleding oorgehad van toe hul vorige huis gebou is; hulle het voorgestel dat ons dit vir die kothuis gebruik,” sê Nicola. “Ek werk graag met natuurlike materiale, en hierdie uiters geharde hout uit Brasilië verouder besonder mooi.”



Geruite kussing van Mungo; kopers van Ethos

KENNERSRAAD Houtbekleding



Natuurlike skoonheid en verskeie ander voordele maak hout baie gewild as buitebekleding, sê Greg West van Custom Construction.

Hier is sy raad:

- In baie gevalle sal 'n buitelaag van hout die struktuur daaragter beskerm teen die uitwerking van wind, reën en ultravioletstrale. Boonop is hout 'n goeie isoleermateriaal, en met 'n holte of opening tussen die houtlaag buite en die strukturele raam binne sal dit binneruimtes koeler hou in die somer, en warmer in die winter.

- Ongelukkig is min van ons plaaslike houtsoorte geskik vir buitebekleding. Saligna en Kaapse essenhout is bekostigbare opsies, terwyl SA dennehout net geskik is vir gebruik in die binneland, nie in kustoestande nie. Ingevoerde hardehoutsoorte soos balau, garapa en ipe is van jou beste keuses; ook lorkehout en Amerikaanse rooi sederhout. Hoe digter of harder die hout, hoe duursamer is dit.

- Daar is al groot vooruitgang gemaak met termies gemodifiseerde houtprodukte. Dié proses verbeter die duursaamheid van onder meer bloekom- en dennehout. Maar vir die lang termyn, veral aan die kus, sal ek altyd 'n ingevoerde hardehout aanbeveel. Die aanvanklike koste is wel hoër, maar uiteindelik is jou onderhoud makliker en kan jy 'n langer leeftyd verwag.

- Wat onderhoud betref: Hoe sagter die hout, hoe meer aandag vra dit. Sagtehoutsoorte moet jaarliks met 'n UV-stabiele verseëlaar behandel word. Dit beklemtoon die skoonheid en beskerm hout teen ververing weens vogtigheid en UV-strale. Getinte verseëlaars bied oor die algemeen beter beskerming as helder middels. Hardehoute soos balau, garapa en ipe is dig en bevat baie olie, daarom verweer dit pragtig en hou dit uiters lank met die minimum onderhoud. Indien nodig hoef dit net een keer elke vyf jaar behandel te word.

KONTAK west@customconstruction.co.za

DEK

'n Afdak van ipe-latte sorg vir skaduwee. "Dit werk uitstekend omdat die latte skuins geplaas is," verduidelik Nicola. "Verskeie voorbeelde is gemaak en op die perseel getoets om die regte oriëntasie te bepaal wat die son sou filtreer."

DIS IN DIE DETAIL

"Bo-oor die latte is versterkte veiligheidsglas aangebring, wat beteken die lig kom deur, maar jy word beskerm teen reën," sê Nicola. Die donker geverfde pleisterafwerking van die mure absorbeer die lig sodat daar geen skerp glans is nie. 'n Ipe-dek skep 'n natuurlike oorgang van die tuin na die houtvloere binne, terwyl 'n paadjie van spoorwegdwarslêers na nog 'n kothuis lei waar die motorhuis voorheen was. Die twee kothuise is dieselfde tyd gebou. >>

Dek en afdak gebou en geïnstalleer deur Allen's Woodworks; tafel van Cielo; groen stoele van Chair Crazy; kikoi oor stoel van Mungo

KOMBUIS

Die kombuis was 'n spanpoging deur Cath, Sasha en Nicola, wat almal idees bygedra het. "Ons wou iets eenvoudigs hê, met 'n eiland waar ons kon eet," sê Cath. "Sasha het die ligte saliegroen skakering vir die kabinette gekies."

Nicola voeg by: "Ons het gespuitsverfde SupaWood-kaste gekombineer met oop rakke van soliede eikehout en Caesarstone-blaaie in die kleur Alaska. Party van die bokaste het riffelglasvoorkante, wat bydra tot 'n oop voorkoms; dit gee ook daardie retro-gevoel waarvan Sasha hou." >>

Kabinette deur Liefeldt Design; visskildery deur Jane Arderne







Afdroogdoek van Mungo



Geel lamp van Yuppiefchef; kalender van Skinny LaMinx; katlegkaart-kuns deur Richard Scott; seeperskets deur Sasha se broer Tate

WERKHOEKIE

Oop rakke bied bēreplek en spatie om mooigoed uit te stal. Cath het die stoel by 'n plaaslike liefdadigheidswinkel uitgesnuffel.

V&A met die Hempels

Wat was jul duurste verrassing, en hoekom?

Daar was geen verrassings nie, want ons het met betroubare mense gewerk. Ons het Greg ook vir ons eerste huis gebruik en kon geheel en al op hom en sy span vertrou; hy en Nicola het goed saamgewerk.

Waardeur het julle die meeste gespaar?

Die feit dat ons ipe-hout oorgehad het ná die bou van ons hoofhuis. Dit was destyd nogal duur en Allen's Woodworks het dit spesiaal vir ons ingevoer. Ons het die voordele van hierdie hout leer ken toe ons 'n tyd lank in die Karibiese eilande deurgebring het. Dis duursamer as plaaslike houtsoorte, het 'n lewensduur van 50-60 jaar en ons hoef ons nie te bekommer oor die uitwerking van strawwe weerstoestande, soos kromtrekking en splinters, nie.

Wat sal julle volgende keer anders doen?

Ons sal meer aandag gee aan die glas in die vensters en deure. Ons het uiteindelik al die glas aan die voorkant van die huis vervang met getinte glas vir meer privaatheid. Om dieselfde rede het ons ook party badkamervensters se glas vervang met ondeursigtige glas.

Klop klammigheid

“Die perseel is bo-op een van die natuurlike ondergrondse fonteine waarvoor Kaap St. Francis bekend is, en ons sou beslis probleme met klammigheid hê,” sê Cath. Om dit te oorkom het Nicola en Greg met die plan vorendag gekom om die struktuur effens bo die grond te lig. Die huis rus gevolglik op 'n blad wat ondersteun word deur pilare en 'n onderliggende ringbalk van versterkte beton.

“Dit skep 'n geventileerde holte tussen die grond en die onderkant van die hoof-vloerblad, wat keer dat klammigheid tot in die boustruktuur styg,” verduidelik Nicola. Die opening is nie sigbaar nie omdat dit agter die beton-ringbalk versteek is.

“Dit het baie goed gewerk, en ons het nog geen teken van stygende klammigheid gewaar nie,” sê die Hempels. >>

Hout-smeulkaggel van The Fireworks; Crudo Rustic-eikehoutvloer in die kleur Carbon Black van Oggie Hardwood Flooring; Kontour Clay-muurafwerking in die kleur Silk van Kleur Space; kombers van Mungo; ronde kussing van Skinny LaMinx

LEEFVERTREK

Die skuins plafon in die oopplan-leefvertrek versterk 'n gevoel van ruimte. Om te keer dat die dakbalke van behandelde dennehout vergeel, is dit met poliuretaan verseël. Afgevlakte mure verskaf tekstuur en warmte. Omdat Sasha werkspasie nodig het wanneer sy hier oorbly vir sake, het Nicola hierdie studeerhoekie met latte van soliede eikehout en eikehoutfineerrakke ontwerp. Die eikehoutlattepaneel regs steek die deur uit die motorhuis weg.



Crudo Rustic-eikehoutvloer
in die kleur Carbon Black van
Oggie Hardwood Flooring

HOOFSLAAPKAMER

Die venster (foto links) is omraam deur kaste met oorgenoeg
bêreplek. 'n Afvlaklaag gee die mure 'n tekstuurryke voorkoms.



Bed en bedkassies
van Lifeforce Lifestyle;
deken van Mungo;
geel Andreas Engesvik
Blom-lamp van
Arora Lights

BADKAMER

Cath het hierdie donker-
blou kabinet aanlyn gekoop
en wasbakke bo-op laat
installeer. Die spieël het sy
by 'n antiekwinkel in Kaap
St. Francis raakgeloop.

Kabinet van Hollywood
Design Studio; wasbakke
van Out of the Earth Stone;
kamersproei van Amanda-
Jayne



HOOFBADKAMER

Donkergroen metroteëls en 'n
goudkleurige storkop en krane gee
dié badkamer 'n gevoel van weelde.

Teëls, krane en storkop van Out of
the Earth Stone; handdoek van Mungo

Só het hulle gemaak...



As teenvoeter vir 'n ondergrondse fontein is baksteenpilare gebou om die rib-en-blokblad onder die kothuis effens hoër as grondvlak te bou.



Hier kan die rib-en-blokblad gesien word, met bekisting vir die beton-ringband wat die kothuis bo die grond lig.



Hier is die mure en braaikaggel reeds gebou. Die bekisting vir die betonrame by die venstersitplekke is duidelik te sien.



Die skuins plafon rus op dennehout-balke; plafonplanke van hout is wit geverf.



Die betonstrukture is afgewerk met Sabre Poly Acrylic in die kleur Loadshedding uit die Kleur Collection van Kleur Space.



Ipe-latte is gebruik vir bekleding teen die voorkant van die kothuis.



Die houtpale en raamwerk vir die afdak oor die dek word opgerig.

Houtlatte is teen 'n bepaalde hoek aangebring om skadu oor die dek te gooi. 🏠



VERSKAFFERS & KONTAKTE

Allen's Woodworks allenswoodworks.co.za Amanda-Jayne amandajaynecandles.com Arora Lights aroralights.co.za Chair Crazy chaircrazy.co.za Cielo cielo.co.za Ethos ethos-store.co.za Hollywood Design Studio hollywooddesignstudio.com Inside Out Architectural Design Studio insideoutarchi.studio@gmail.com Kleur Space kleurspace.co.za Liefeldt Design liefeldtdesigns@gmail.com Lifeorce Lifestyle lifeorcelifestyle.co.za Mungo mungo.co.za Oggie Hardwood Flooring oggie.co.za Out of the Earth Stone chris@outoftheearthstone.co.za Sasha's Cottage airbnb.co.za Skinny LaMinx skinnylaminx.com The Fireworks thefireworks.co.za Yuppiefchef yuppiefchef.com

'WIT KÁN WERK IN 'n gesins- huis'

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Karl Rogers
Produksie Marian van Wyk

Lyk dit bekend?

Ons het enkele elemente uit die McClunans se huis in 2025 in *Tuis* gewys. Dit was so mooi, ons moes eenvoudig 'n storie oor die voltooide projek plaas noudat dit klaar is!

'n Jong paartjie wys hoe hulle en hul drie kleingoes voluit leef in 'n minimalistiese, gedempte interieur.

EETAREA

Grys stoele word afgewissel met stoele in blombedrukte materiaal om trefkrag aan dié andersins neutrale ruimte te gee.

Vloere deur Oggie Hardwood Flooring; stoele van Schönn Furniture

Ofskoon 'n gedempte, neutrale voorkoms nie juis as jou tipiese keuse vir 'n jong gesin met drie kleingoes onder vyf beskou word nie, is die McClunans se huis presies wat hulle nog altyd wou hê.

“Dis die eenvoud van wit wat ons aangetrek het. Dit skep 'n vredige, ordelike atmosfeer,” sê Klara. “Wat die kinders betref – laat ons maar sê Scotchgard, en koeksoda en asyn is onontbeerlik in my skoonmaak-arsenaal! Ons het geleer dat wit, saam met die nodige produkte en onderhoud, verbasend goed kan werk in 'n gesinshuis.”

Toe die McClunans die eiendom in 2022 gekoop het, was die vernaamste trekpleisters die welige groenigheid en gesinsvriendelike bekoring van Fernwood in Nuweland.

“So baie van die huise het outyds of te donker gevoel, maar dié een, wat net 15 jaar oud was, het uitglans met sy moderne uitleg, oop ontwerp en oorvloed natuurlike lig danksy 'n dramatiese dubbel-volumevenster by die trap – wat ook die ongelooflike uitsig op die berg omraam,” sê Klara. “Die hardhoutvloere het die koop beklink. Die struktuur was perfek; dit het net ons persoonlike stempel gekort.” >>

FORMELE SITKAMER

'n Massiewe marmieromranding by die kaggel het die formele leefvertrek in 'n apploustrekker omskep. “Die marmier bring 'n gevoel van beweging in die ruimte en skep daai 'allamaggies!'-faktor wanneer jy hier instap. Dit voeg ook ander tekstuur by vir balans tussen die hout- en linne-afwerkings.” Hier is 'n kroeg uitgehaal, die mure oorgeverf en nuwe gordyne gehang.

Binne-ontwerp en niervormige ottoman deur Design in a Box; marmier van Continua; kaggel deur Carbel; leunstoel van Schönn Furniture; ronde betonkoffietafel en kanttafel van @home; kerse van Ethereal Candles





Binne en buite vernuwe

Aangesien die binneruimtes tam en onsamehangend voorgekom het, het die McClunans 'n argitek en binneontwerper se hulp ingeroep om die ruimte te moderniseer voor hulle intrek. 'n Nuwe opwashoeke is aangebou, die badkamers is geheel en al vernuwe, 'n ouderwetse wynkroeg het moderne glasmure gekry, en die sierlike staaltrapreling is met glas vervang. In die kombuis en die res van die huis was 'n vars laag verf, nuwe handvatsels en moderne ligtoebehore al wat nodig was. Geen groot veranderinge is aan die bestaande struktuur gemaak nie.

“Nadat ons ons tuisgemaak het, is die fokus na die buiteruimtes verskuif. Ons het die kuierplek met sy braaikagel en pizza-oond opgeknip, die sitgedeelte van die stoep toegemaak met stapeldeure, die hele tuin laat uitlê en volgroeide bome geplant. Laastens is die swembad en die balkon op die boonste vloer herontwerp,” verduidelik Klara.

“Die huis groei eintlik saam met ons. Toe ons derde kleinding gebore is, het ons twee van die kinderkamers vernuwe. Ons het ook die oop erf langsaan gekoop waar ons 'n magiese agterplaas met 'n fietsbaan, feetjietuin, hoenderhok en groentetuin skep – 'n wonderwêreld vir die kinders.” >>



L-vormige bank
ontwerp deur
Design in a Box
en oorgetrek
met Fibreguard-
materiaal van
Home Fabrics

LEEFVERTREK

Geen strukturele werk is in die leefarea langs die oopplankombuis gedoen nie. “Dit is waar die kinders hul skoenie uitskop ná speelskool, snoepgoed geniet en uithang terwyl ek in die kombuis besig is,” sê Klara. Die koffietafel is spesiaal ontwerp vir 'n pragtige stuk marmer wat die paartjie as trougeskenk gekry het.



KOMBUIS

Die kombuisuitleg het nie veel verander nie, maar die ruimte is verfris met 'n geteëlde spatpaneel, terwyl die kaste 'n nuwe laag verf en koperhandvatsels gekry het. Nuwe toestelle het die prentjie voltooi. "Maar wat die grootste verskil maak, is die opwasdeel wat ons by die agterdeur gebou het," vertel Klara. "Dis nou ons geheime 'werkessel', met wasmasjiene en 'n groot opwasbak."

Vadoek van African Jacquard

VERFKLEUR

Dulux
Forest Fantasy



Swembadopknap deur
Aart Konstrukt; teëls van
Pudlo, Cash Tiles, Douglas
Jones en Decobella



SWEMBAD

Met die swembad se opknap het die McClunans nie teruggehou nie, en 'n verskeidenheid teëls met opvallende patrone, ryk groen skakerings, en selfs 'n tikkie pienk gekies. "Ek is dol oor hoe dié lewendige voorkoms die minimalistiese interieur van ons huis aanvul," sê Klara.




Braaiplek en pizza-
oond gebou deur Insrep
Construction; handdoeke
van African Jacquard



Skep kuns in jou swembad!

Dit kos deeglike beplanning en noukeurige aandag aan detail om 'n swembad soos dié te ontwerp. Dirkie en Nikkie Kotze van Aart Konstrukt het 'n inspirasiebord vir hulle geskep en elke element met sorg beplan; Tone Alexander Design Studio het die projek uitgevoer.

Van bo gesien



Swembadrand



*Muur- en
borandpatroon
aan binnekant
van swembad*



KENNERSRAAD

Teël dit!

“Om 'n swembad te skep wat die asem wegslaan, is nie sommerso 'n joppie nie,” sê Dirkie en Nikkie. “Dit verg 'n hoogs gespesialiseerde span om dit reg te kry.” Hier's hul kosbare raad:

Wat jy moet weet voor jy begin teëls koop

- Nie alle swembaddens is geskik om geteël te word nie. Ons verkies om met gepleisterde, geboude swembaddens te werk, maar die pleister moet in 'n goeie toestand wees, sonder barse of poeierreste.
- Swembaddens met 'n glasveseldop kan nie geteël word nie.
- 'n Geboude swembad wat met glasvesel uitgevoer is kan wel, maar die glasvesel moet in 'n baie goeie toestand wees, met geen krake of blase nie. Die waterdigtingsproses en -produkte vir teëls verskil van dié wat in 'n gepleisterde swembad gebruik word.
- 'n Chloorswembad is ook beter as 'n soutwaterswembad; die chemikalieë is nie so straf op die voegbry soos wat soutwater is nie. Jy kan wel 'n UV- of osoonstelsel in 'n soutwaterswembad installeer om die hoeveelheid sout wat nodig is, te verminder.

Porselein- of keramiekteëls?

- Porselein werk die beste, aangesien dit nie water absorbeer nie. Party keramiekteëls sal wel werk indien dit geglasuur is, maar terracotta-, klei- en ongeglasuurde teëls is glad nie geskik nie.
- Dis onnodig om die teëls te verseël nadat dit gelê is, want dis reeds geglasuur. 'n Bind- en waterdigtingsmiddel, pleks van water, word by die voegbrymengsel gevoeg, daarom is geen seëlmiddel agterna nodig nie.

MCCLUNAN HOME | NEWLANDS

AART KONSTRUKT

POOL AREA | MOODBOARD



Overall look and feel

All pink



Tile Pattern

CONCEPT BOARD

Kry die ontwerp reg!

- As jy werklik trefkrag wil skep, teël 'n rand van minstens 1 m breed – dit werk net soos om 'n kunswerk te raam.
- Bestee genoeg tyd aan die ontwerp – dit is immers 'n permanente installasie.
- Marokkaanse ontwerpe is steeds gewild, met skakerings van wit en groen as die oorheersende kleure.

Sorg dat dit glyvas is

- Kies teëls in klein formaat vir 'n veiliger loopoppervlak. Dit het meer voegbrylyne, wat 'n beter voetgreep skep.
- Klein, geglasuurde teëls kan wel steeds glad wees; ons beveel aan dat jy 'n produk soos Slip No More gebruik, wat deur 'n goedgekeurde kontrakteur aangewend moet word.

Koste

- Dis 'n tydrowende en arbeidsintensiewe taak! Pryse wissel van R150 000 tot R350 000 vir 'n swembad van 5 x 3 m, afhangend van hoeveel teëls en voorbereiding nodig is.
- **Onderhoud** Swembadteëls vra min onderhoud en is maklik om skoon te hou, maar dis belangrik dat jy die voegbrylyne dophou en enige skade onmiddellik herstel.

KONTAK [instagram.com/aart_konstrukt](https://www.instagram.com/aart_konstrukt)




STOEP

Die oorspronklike onderdakstoep is toegemaak met raamlose stapeldeure, terwyl die braaiarea met sy pizza-oond oop gelos is. “’n Mooi priel is bygevoeg om die ruimte te beskerm en privaatheid van die bure se dubbelverdiepinghuis te verskaf,” verduidelik Klara. >>



Stoepmeubels van SHF Living met ingevoerde buitemateriaal uitgesoek deur Design in a Box; mat van Hertex Haus; graslampskerms van Eight Degrees South



HOOFSLAAPKAMER

Vir warmte en tekstuur is vertikale houtlatte agter die bed aangebring. Die mure en kaste het 'n nuwe laag verf gekry.

Deken van African Jacquard



BADKAMERS

Die badkamers is geheel en al gestroop. Ou travertynteëls en donker hout is vervang met natuurlike eikehout, groot vloerteëls in 'n warm grys, koperkrane, en handgemaakte reghoekige teëls vir die stortmure.

Houtskool handdoek van African Jacquard

'n "Swewende" wasbakkas van Amerikaanse eikehout gee die en suite-badkamer by die hoofslaapkamer 'n moderne kinkel, terwyl dit ook warmte en tekstuur inbring. >>





KINDERKAMERS

"Ek het dit so geniet om die kinders se kamers te ontwerp," sê Klara.

"In Lake se kamer is 'n veeldoelige stapelbed ingesit, asook spesiaal gemaakte bêrehouers met die oulikste Lego-detail teen die muur (*links*), 'n bedkassie en 'n lessenaar.



Stapelbed van Clever Little Monkey; mat van Rebtext



Tydens

Die kinders het hul eie speelkamer met 'n knus groen fluweelbank. Hiervoor het die McClunans dieselfde aardse skakerings en natuurlike teksture as in die res van die huis gekies, maar speelse elemente soos deurknoppe met 'n wolkievorm en LUD-aksentligte bygevoeg. >>



Klara McClunan



Anthracite



Azul Blue



Verde



White



stiles.co.za | info@stiles.co.za Funky Tiles, Bali, Anthracite, Matt, 333x333mm



STILES®
TEËLS & SANITÊRE WARE

'n Houtplatform onder die losstaande bad in die kinders se badkamer versteek die pypwerk wat die vorige stort in die ruimte bedien het. Dit bied ook plek vir 'n versteekte LUD-strook in die skadulyn, wat saans 'n sagte gloed skep. Klein muurteëls met subtile kleurvariasies en tekstuur dra daardie "handgemaakte" voorkoms oor.

Handdoek van African Jacquard; Herbarium-badolie en -seep van Bergblom Soap



Sagte beligting is ingebring in die vorm van versteekte LUD-strookligte, terwyl ronde hanglampe 'n stylvolle toevoeging is. "Ons het 'n granietblad en -sye gekies, wat 'n sterk en weelderige stelling maak," sê Klara. "Die graniet omhul die kas naatloos; dit anker die meubelstuk visueel en skep 'n gesofistikeerde afronding."



Teëls van Pudlo en Womag; koperware van Victorian Side Bathrooms

V&A met Klara en Daemon

Wat was vir julle die duurste verrassing?

Die gordyne. Daemon kry nou nog hartkloppings wanneer hy aan daardie rekening dink!

Waarmee het julle die meeste gespaar?

Ons het die kombuis- en badkamerkaste geverf en nuwe handvatsels aan al die kaste gesit – 'n baie doeltreffende dog geldslim oplossing.

Was daar enige groot uitdagings?

Ons het die glasbalustrades op die trap aangebring voor die hoofligte geïnstalleer is. Die plafon is besonder hoog hier, en ons moes spesialiste inkry om steierwerk op te rig net sodat ons die ligte kon hang (sien foto op bl. 94). 🏠

KONTAKTE & VERSKAFFERS @home

Aart Konstrukt [instagram.com/aart_konstrukt](https://www.instagram.com/aart_konstrukt) **African Jacquard** [africanjacquard.com](https://www.africanjacquard.com)
Bergblom Soap [bergblomsoap.com](https://www.bergblomsoap.com) **Carbel** [carbel.net](https://www.carbel.net) **Cash Tiles** [cashtiles.co.za](https://www.cashtiles.co.za)
Clever Little Monkey [clmhome.co.za](https://www.clmhome.co.za) **Continua** [continua.co.za](https://www.continua.co.za)
Decobella [decobella.co.za](https://www.decobella.co.za) **Design in a Box** [designinabox.co.za](https://www.designinabox.co.za)
Douglas Jones [douglasjones.co.za](https://www.douglasjones.co.za) **Dulux** [dulux.co.za](https://www.dulux.co.za)
Eight Degrees South [eightdegreesouth.com](https://www.eightdegreesouth.com)
Ethereal Candles [etherealcandlecrafters.com](https://www.etherealcandlecrafters.com) **Hertex Haus** [hertexhaus.co.za](https://www.hertexhaus.co.za)
Home Fabrics [homefabrics.co.za](https://www.homefabrics.co.za) **Insrep Construction** [insrep.co.za](https://www.insrep.co.za)
Oggie Hardwood Flooring [oggie.co.za](https://www.oggie.co.za) **Pudlo** [pudlo.co.za](https://www.pudlo.co.za) **Rebtext** [rebtextrsa.co.za](https://www.rebtextrsa.co.za)
Schönn Furniture [instagram.com/schonn.furniture](https://www.instagram.com/schonn.furniture) **SHF Living** [shf.co.za](https://www.shf.co.za)
Tone Alexander Design Studio [tonealexander.co.za](https://www.tonealexander.co.za)
Victorian Side Bathrooms [victoriansidebathrooms.co.za](https://www.victoriansidebathrooms.co.za) **Womag** [womag.co.za](https://www.womag.co.za)

BEKOSTIGBARE WEELDE

Bederf jouself! **Room Service** verseker styl en gehalte waarop jy kan vertrou.



Wanneer jou opknapprojek kant en klaar is, loer in by Room Service (hul winkels en aanlyn) vir gesofistikeerde dog bekostigbare beddegoed. Ons is trots op ons gehalteprodukte vir die kleinhandel- en hotelmark, plaaslik vervaardig deur Romatex, een van SA se voorste verskaffers vir meer as 50 jaar.



Wit gebosseleerde glas-kers (beskikbaar in 6 geure) R215; vierkantige geurverspreider (beskikbaar in 5 geure) R195; grys-en-wit potloodstreep-kussingslope met valletjie (stel van 2), ook te kry in blou en klipkleur R110; 100%-katoen-kussingslope met grys satynsteek (stel van 2), ook te kry in blou en klipkleur R110; wit 100%-katoen-kussingslope met valletjie (stel van 2) R110; 100%-katoen-duvetsloop (enkel tot superkoningsgrootte) R433-R812; grys-en-wit potloodstreepkwilt met bypassende kwiltkussingslope (enkel/driekwart) R350, (dubbel/koningin) R499 en (koning-/superkoningsgrootte) R550, ook te kry in blou en klipkleur; blou-en-wit potloodstreep-kussingslope met strikkies (stel van 2) R110; blou-en-wit potloodstreep-kwiltkussingsloop (deel van die kwiltstel), ook te kry in klipkleur en grys

Het jy geweet? Room Service verskaf 'n verskeidenheid duvets, kussings en beskermers, alles in Kaapstad vervaardig. Koop aanlyn by roomservicehomeware.co.za.



100%-katoen-kussingslope met satynsteek (stel van 2), te kry in klipkleur, grys en blou R110; polikatoen-kussingslope met potloodstreep (stel van 2), te kry in klipkleur, grys en blou R65



AAN DIE waterkant

Almal is welkom by hierdie perfekte kuierplek vir al die seisoene, gebou met een oog op gemak, en die ander op die streng estetiese voorskrifte!

Deur Mary Jane Harris • Foto's Greg Cox
Produksie Marian van Wyk

Hanglig van
Eagle Lighting

WIE KUIER HIER?

Kevin en Lara McLoughlin, en hul kinders, Harrison (12), Georgia (10) en Archer (8); die honde Mickey, Charlie en Frank; ook Felix die kat
GROOTTE 377 m²

KOMBUIS

Met familie en samesyn as die spil waarom alles in dié ruimte draai, wou die McLoughlins 'n oopplankombuis hê sodat wie ook al die pot moet roer, steeds deel van die aksie is. "Ons het die kombuis ontwerp en die kabinetmaker Johan Hough het dit volgens ons spesifikasies gemaak," sê Lara. "Dit moes eenvoudig dog spesiaal wees. Ons het 'n groot opwasdeel langsaan ingerig met die yskas, skottelgoedwasser, wasmasjien en 'n spens, sodat die hoofdeel, wat 'n fokuspunt is, netjies bly."

NOORDERSTOEP

Groot skuifdeure lei na die beskutte balaudek agter, met 'n braaiplek wat die McLoughlins op winderige dae gebruik. 'n Aluminiumpriel met 'n lattedak verskaf skadu. "Aluminium het homself bewys as die mees praktiese materiaal vir buiteruimtes hier aan die kus," sê Kevin. Die tafel was een van die min meubelstukke wat van hul vorige huis saamgekom het. "Ons het dit in 'n mat swart laat spuitverf," sê Lara. "Die geboude skoorstene het 'n halfronde afwerking gekry vir sagtheid," verduidelik die argitek Peter Simmons. >>

Priel gebou deur Algoa Joinery; stoele van Mr Price Home





Die egpaar het 'n gasstoof gekies sodat hulle heeltemal onafhanklik van munisipale dienste kon wees. "Ons het ook 'n boorgat vir water en 'n sonkragstelsel," vertel hulle.

Kaste van eikehoutfineer en wit omhulde afwerking deur Hough Cabinets; blaaie en spatpaneel in Silestone Ethereal Glow



Leerbank van Coricraft

Lara het 'n duursame 600 x 600 mm-terrazzo-teël vir al die leefareas en badkamers gekies. "Dit het genoeg kleur om interessant te wees, maar is neutraal genoeg om te pas by die natuurlike, kontemporêre voorkoms wat ons wou hê. Die kleiner teëlgrootte was ook prakties, want dit skakel baie snywerk in die huis se talle hoeke uit," verduidelik sy.

Terrazzo-teëls van Kreative Décor; ligte van Eagle Lighting

Die paartjie van Gqeberha het jare lank gedroom oor 'n vakansiehuis vir die gesin langs die kanale in St. Francisbaai. "Ek hou al sedert my skooldae vakansie hier en ons albei hou van die buurt met sy elegante wit grasdakhuse," verduidelik Lara. "In 2013 het ons 'n pragtige klein grasdakhuis in die dorp gekoop – in daardie stadium was ons kinders nog te jonk om so naby die water te wees."

Maar toe tref rampspoed hulle: In 2019 is hul huis deur wydverspreide brande in die gebied verwoes. "Ons het die huis herbou en een Kersvakansie daar deurgebring voor ons dit verkoop het," vertel Kevin.

Maar die McLoughlins was nog nie klaar met dié baai nie. As eiendomsontwikkelaar het Kevin reeds begin rondkyk vir 'n plek waar hulle langs die kanaal kon bou. "Ons het gevoel die kinders was nou oud genoeg om naby die water te woon."

Die erf wat hulle gevind het, was ideaal. "Dis reg langs die kanaal, maar effens hoër, wat privaatheid en mooi uitsigte verseker," sê Lara. As bonus was daar reeds 'n bruikbare fondasie – toevallig juis van 'n huis wat in 2012 deur vuur verswelg is. "Die eiendom se naam was 'Dolittle'; dit het vir ons goed geklink en ons het dit so behou," voeg sy by. >>



LEEF-/ONTHAALRUIMTE

In die groot leef-en-onthaalvertrek is daar 'n kroeg op die verste punt, met 'n venster waardeur gaste aan die buitekant hul eet- en drinkgoed kan aanvat. Die braaikagel hier word dikwels gebruik om 'n tradisionele potjie te maak.

Metaalrakke deur
Steel Trend; stoele van
Coricraft; tafel deur
Deft Studios; ligte van
Weylandts





Lara
McLoughlin

ONTSPANNE EETAREA

Die McLoughlins het hul eetkamertafel laat maak deur Martin Tallie van Deft Studios in Gqeberha. "En ek het my hart verloor op hierdie riempiestoele daarby," sê Lara.

Riempiestoele van James Mudge Furniture Studio



'n Galerymuur met 'n betonvoorkoms bring 'n kontemporêre element in as agtergrond vir 'n versameling geraamde prente, onder meer afdrukke van Sarch Designs en Lara se skilderye.



VERFKLEUR

Kleur Space
So Close

MODERNE DRAMA

Ontblote betonplafonne in sekere vertrekke, asook rou betonbalke, skep 'n skoon, kontemporêre voorkoms in pas met die McLoughlins se styl. In dele met spits dakke het Peter ontblote dakkappe gespesifiseer. "Dit dra 'n gevoel van volume en drama oor," verduidelik hy. "Ons het 'n plat betondak in die kombuis en TV-kamer gekies as skakel tussen dié ruimtes." >>

VERFKLEUR

Kleur Space
Kontour Opal
in Cat's Eye



GASTETOILET

Metroteëls in 'n terracotta-kleur gee trefkrag in die gastetoilet. "Ek het al die spieëls vir die badkamers by 'n verkoping op Instagram gekry," vertel Lara.

Terracotta metroteëls van Kreative Décor; lat-basis vir wasbak deur Hough Cabinets



Tradisie opgekikker

Die paartjie het 'n vriend, die argitek Peter Simmons van Sketchbox Design ("want hy verstaan ons en ons leefstyl"), en sy vennoot, Karla van Rensburg, gevra om die nuwe huis te ontwerp. "Ons het 'n afskrif van die oorspronklike huis se plan in die hande gekry en dit as inspirasie gebruik. Peter het dit volgens ons behoeftes en meer moderne smaak aangepas," sê Lara.

"St. Francisbaai het nog altyd streng estetiese riglyne gehad om die dorp se karakter te behou," vertel Peter. "In die verlede het dié riglyne net wit mure en grasdakke gespesifiseer. Maar mettertyd is dit verfyn en uitgebrei ter wille van meer kontemporêre argitektuur met verskillende dak-opsies soos teëls, asfaltpane en aluminiumriffelplate, om veiligheidsredes. Alle bouplanne moet egter nog deur 'n komitee goedgekeur word voor indiening by die Kouga-munisipaliteit."

Vir die afwerking buite het hulle gesaksmeerde baksteenmure gekies wat in die klassieke "St Francis White" geveer is. "Die saksmeer-afwerking gee trefkrag en tekstuur wat die strak voorkoms van die struktuur versag," sê Peter. Die uitwerking is aards en ontspanne. "Baie gepas vir 'n vakansiehuis," beaam Lara. Binne is daar 'n kombinasie van gepleisterde en gesaksmeerde mure.

SWEMBADDEK

Groot betonteëls omring die swembad langs die stoep aan die suidekant, wat op dieselfde vlak as die vloer binne is.



Stoele van Lemon Tree; tafel van Superbalist; handdoek van Scatterlings from Africa



Die skuins erf is afgewerk met terrasse wat teen 'n dek op kanaalvlak eindig.

Buitemat en tafel van Superbalist; stoel van Lemon Tree; strandhanddoeke van Woolworths

WAT OOK AL DIE KLIMAAT

"Omdat ons reg op die water is, raak dit nogal koud hier. Daarom is die huis ontwerp om soveel moontlik noorderlig in die bring," sê Lara. Groot skuifdeure aan die noordekant wat na die agterstoep lei, laat lig na binne stroom, net soos die dakligte in die betonplafon.

Omdat die McLoughlins alte goed weet hoe onvoorspelbaar die wind en weer in St. Francisbaai is, het hulle voorsiening gemaak vir verskeie buitekuier-opsies.

"Ons het drie braai-areas: Een net buite die leefvertrek wat uitkyk op die kanaal vir mooiweersdae, een aan die kant van die huis vir wanneer die wind waai, en nog een in die kroeggedeelte vir reëndae," verduidelik Lara. "Ek is die kok in die kombuis, maar Kev is die braaier. Paella en potjies is sy forte."

Kevin en Lara hou albei van ontwerp en mooimaak. Aangesien dié huis meer kontemporêr as hul vorige een is, wou hulle seker maak hulle kies die regte meubels daarvoor. Maar daar was geen haas nie, en hulle het deur die jare stukke uit verskillende bronne bymekaargemaak en sekere items spesiaal laat maak. Lara, wat graag skilder, het van die kunswerke geskep.

"Dit het tyd gekos, maar met soveel talent in die land was dit maklik om lieflike goed te vind," sê Lara. >>

GEORGIA SE KAMER

Elk van die kinderkamers het 'n fokusmuur in die kleur van hul keuse, asook hul eie badkamer. "Ek het vinielvloere vir die slaapkamers gekies omdat dit warmer voel onder jou voete," sê Lara. "Die stapelbed is een van net enkele stukke wat uit ons vorige huis saamgekom het."

VERFKLEUR

Kleur Space
Rosy Cheeks

Vinielvloer van
Finfloor

HOOFSLAAPKAMER

“Ek hou van ons kamer se grootte en sy eenvoudige, skoon lyne. Dit het die mooiste uitsig, wat ons saam met ons oggendkoffie geniet,” sê Lara. >>

Aluminiumraamdeure en -vensters van Algor Joinery

VERFKLEUR

Kleur Space
So Close





Die bad staan in sy eie hoekie.
Hoë vensters verskaf baie lig,
maar verseker ook privaatheid.

Bad van Livingstone
Baths; handdoeke
van Scatterlings
from Africa



Swewende wasbakke deur Hough Cabinets; wasbakke van
Livingstone Baths; riefelglas van National Glass

Al die gerief wat hulle kan vra

Omdat die gesin net meer as 100 km ver woon, bring hulle die meeste naweke hier deur – met al hul troeteldiere.

“Ons wou die nuwe huis soos ons tuiste laat voel. Baie mense het ná Covid na kleiner dorpe getrek, veral St. Francisbaai, en ons kan dalk later dieselfde doen. Daarom was dit belangrik om dieselfde geriewe hier as in ons hoofhuis te hê, en dat elke kind sy of haar eie kamer het,” sê Lara.

“Ons onthaal dikwels en die huis is altyd vol mense, daarom het ’n oopplanuitleg met baie ruimte vir ons vriende en hul families voorkeur geniet.”


Van die straat af lyk die huis na ’n enkelverdieping, maar danksy die skuinste af na die kanaal is daar nog ’n vloer onder, met die gastekamers. Ook dié vertrekke kyk op die kanaal uit. “Dis vir ons heerlik as mense kom oorbly en ons wou hê hulle moet hul eie ruimte hê en die mooi uitsigte kan geniet,” verduidelik Lara. 🏡

VERSKAFFERS & KONTAKTE

Algoa Joinery info@algoajoinery.co.za **Coricraft** coricraft.co.za
Deft Studios deftstudios.co.za **Eagle Lighting** eaglelighting.co.za
Finfloor finfloor.co.za **Hough Cabinets** 083 274 2894
James Mudge Furniture Studio jamesmudge.com
Kleur Space kleurspace.co.za **Kreative Décor** tracey@kreativedecor.co.za
Lemon Tree lemontreeonline.co.za **LH Lifestyle** lhlifestyle.co.za
Livingstone Baths livingstonebaths.com **Mr Price Home** mrphome.com
National Glass natglass.co.za **Sarch Designs** sarchdesigns.com
Scatterlings from Africa instagram.com/scatterlingsfromafrica
Sketchbox Design peter@sketchbox.co.za **Steel Trend** 083 292 1515
Superbalist superbalist.com **Weylandts** weylandts.co.za
Woolworths woolworths.co.za

HOOFBADKAMER

In die badkamers het Lara die terrazzo-vloerteëls plek-plek halfpad teen die mure op laat installeer. “Dit lyk fantasties, en as jy die prys van vloer- en muurteëls vergelyk, is dit baie kostedoeltreffend. Ek het die terrazzo- en die metro-teëls geskei met ’n dun goudkleurige aluminium-randstrook.” Lara het riefelglas vir die stort gekies omdat dit nie so deursigtig is nie en sy van die voorkoms hou.



TV-KAMER

Die slaapkamers en die leef-/onthaalruimte is in twee vleuels met spits dakke. Hulle word verbind met 'n platdakgedeelte in die middel waar die TV-kamer en kombuis geleë is.

Aluminiumraamdeure en -vensters van Algoa Joinery; muurkuns deur LH Lifestyle



Al die vensters en deure het houtskoolorie aluminiumrame. "Dit skep 'n sterk visuele element wat die pragtige uitsigte perfek omraam," sê Peter. "Boonop is aluminium uiters prakties in kusstreke aangesien dit nie roes of bak trek nie, en die minimum onderhoud verg."

Moderne styl

GEANKER IN DIE NATUUR


Die binneontwerpers Mark en Michele Metior se ongekunstelde strandhuis weerspieël die ryk teksture en kleure van die Overberg.

*Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Karl Rogers/Vignette
Produksie Natalie Boruvka/Vignette*



WIE WOON HIER?
Mark en Michele Metior
GROOTTE 240 m²

Hoofhuis



Die huis is in twee verdeel, met 'n gastesuite aan die voorkant en die hoofhuis agter. Rivierklip en rotse herskep die voorkoms van wit sand, terwyl boomaalwyne hoogte verskaf. Aan die voorkant gee houtlatte visuele trekrag wat bydra tot die natuurlike voorkoms.

Tuinuitleg in samewerking met Quarter Gardens

Gastesuite

**FIFTY 6
ON GEORGE**



GASTEKOMBUIS

Eikehoutkaste met rottanginsetsels dra by tot die neutrale kleurskema. Gebruiksgoed soos bekers, tee, koffie en beskuit staan gereed op eikehoutrakke, terwyl verskeie laaie nog bêreplek bied.

Kombuis deur MM Designs; handvatsels van Douglas & Douglas; werkblad van Eezi Quartz

Ons wou 'n huis bou wat *weerspieël wie ons is*, as 'n viering
van al ons ontdekkings en versamelgoed. – Michele



GASTESITKAMER

Verweerde houtframe vorm 'n rustieke element
in die nuut ingerigte leefvertrek. >>

Dit was blote geluk dat Mark en Michele in 2020, terwyl hulle vir werk gereis het, op die strand-dorpie Pringlebaai afgekom het. “Ons het oorgebly in Hangklip House, ’n oorspronklike radarstasie uit die 1940’s wat oor Maanligbaai uitkyk,” vertel Michele. “Ons kon nie glo dat so ’n stukkie hemel bestaan nie!”

Die Metiors, wat die afgelope 30 jaar ’n spesialis-binneontwerpfirma, MM Designs, in Ballito besit, kon dit nie weerstaan om vir hulle ’n deel van die Overbergse kuslyn te koop nie.

Die kaal erf van 600 m² is beskou as klein vir die omgewing, maar dit het Mark en Michele perfek gepas. “Omdat ons omring is deur lieflike fynbos, met die Klein-Hangklipberg voor en Hangklipberg agter ons, én die see net om die draai, voel dit regtig ruim – al is die eiendom agter ’n duin geleë,” sê Michele.

Die paartjie se visie vir hul nuwe huis was eenvoudig: “’n beskeie woning wat perfek is in sy imperfeksie”. Die bouwerk was in 2023 klaar, en hoewel hulle aanvanklik van plan was om elke jaar van November tot die middel van die winter hier te woon voor hulle na KZN terugkeer, het hulle so baie van Pringlebaai gehou dat hulle ná die eerste jaar permanent hierheen verhuis het. Sedertdien het hulle ’n leefstyl-en-huiswarewinkel, Atelier Fifty6, op die buurdorp Bettysbaai oopgemaak.

Twée in een

“Ons het van die begin af gedink aan ’n huis wat nog ’n gesin sou akkommodeer sonder om privaatheid in te boet,” sê Michele. “Aanvanklik was die idee om ’n volledig toegeruste deel te skep wat ons op Airbnb kan verhuur. Deesdae bly ons volwasse kinders en hul gades, asook vriende, dikwels hier oor.”

Die en suite-gastedeel het sy eie klein kombuis met ’n eettafel en knus sitkamer.

“Wanneer ons dogter en haar man uit Nederland kom kuier, kan hulle hul vriende privaat onthaal en gemaklik van hul leefruimte af werk, sonder steurnis van die res van die huishouding,” verduidelik Michele.

“Boonop berei my dogter graag maaltye in hulle deel en nooi ons dan oor vir ete saam met hulle – sommer vir die pret.” >>

In die swembaddeel (regs) word die dennehoutdek aan die natuur oorgelaat om mooi te verweer.





Stoel van Cécile & Boyd

GASTEDEEL

Die gastesuite maak in die binnehoftuin (bo) oop. Bokant die bed hang 'n foto wat Mark in Walvisbaai van 'n pelikaan in vlug geneem het. Die kameelhaarmat kom van Marokko. Die stort in die oopplan-badkamer word afgeskerm deur 'n glas-en-staalstruktuur, terwyl 'n oop klererak van staal die industriële voorkoms herhaal.

Metaalstoeltjie van Cécile & Boyd; deken en strooikussings van Isobel Sippel; pasgemaakte U-vormige bedtafeltjies en bed van MM Designs



HOOFHUIS

'n Gang met groot vensters en glasdeure skei die gastesuite van die res van die huis. Die studeerhoekie beklemtoon hoe slim ruimte benut is.



HOOF-LEEFAREA

Dié ruimte maak aan twee kante na buite oop. Aan die een kant kan jy die berguitsigte vanuit 'n tuin en kuierplek op 'n stoep geniet, en aan die ander kant is die binnehof met 'n dennehoutdek en verhitte plonspoel.



'n Andersins “dooie” kol in die gang wat die twee dele van die huis verbind, is in 'n fokuspunt omskep met die inbou van 'n eikehoutwynkroeg in die hoofhuis.



Die stoepdeur (*links*) uit Indië het Mark en Michele met groot sorg by Amatuli Artefacts uitgesoek. Dubbeldeure van glas met 'n slot aan die buitekant bied 'n ekstra beskermingslaag teen die elemente, asook bykomende sekuriteit. >>

PLONspoel

Die binnehof is goed beskut teen die wind, terwyl glasdeure aan drie kante die grense tussen binne en buite laat verdof.



Beginsels van wabi-sabi

Wat die boumateriaal en afronding betref, het die Metiors inspirasie geput uit die Japannese filosofie van wabi-sabi. Vir Michele verteenwoordig dié voorkoms “egtheid, danksy organiese, onreëlmatige, rou en onvolmaakte teksture”.

“Die mure is ongepleister en net wit geverf, met sekere dele selfs ontbloot gelaat om ’n eenvoudige, rou voorkoms te skep,” verduidelik Michele. “Die vloere is afgevlak in ’n sandgrys kleur, terwyl die plafonne ’n kombinasie is van rou betonblaaie en witgeverfde tong-en-groefplanke met oop houtbalke. Dit dra alles by tot die voorkoms.”

Bobeukvensters is algemeen te sien in Pringlebaai; dit benut die omringende landskap ten beste en bring soveel moontlik natuurlike lig in.

“Vir ’n kontemporêre industriële kinkel het ons swart aluminium-vensterrame en groot deure met skuifpanele gekies wat ’n gemaklike oorgang tussen ons leefruimtes en die omgewing buite verseker,” voeg Michele by. “Ek sou sê ons huis is ’n kontemporêre interpretasie van ’n moderne leefstyl wat in die natuur gegrondves is.” >>

KENNERSRAAD

Kry dit reg



As eienaarbouers het die Metiors ’n magdom kennis oor die ontwerp van ’n nuwe tuiste, veral as dit kom by spesifikasies vir kusstreke. Hier’s hul wyse raad:

- Wanneer jy leefruimtes skep wat heeljaar gemaklik gaan wees, is dit uiters belangrik om die weerstoestande – veral die wind – in ag te neem.
- Bobeukvensters benut die lig en die skoonheid van die berge rondom Pringlebaai ten beste.
- Die hoofkombuis is deel van ’n oopplan-leefruimte, daarom moes ons seker maak dat alles naatloos by mekaar inskakel, met die toestelle agter deure versteek. Daar is ’n InSinkErator onder die wasbak om van kosreste ontslae te raak, en ’n Faber-kookvlak met gasbranders in ’n ry langs mekaar. Dis ’n gemaklike uitleg wat goed werk.
- Breekware en plekmatjies word aan die leefvertrek se kant van die kombuiseiland gebêre sodat dit maklik bereikbaar is sonder om die kokke te pla.

KONTAK mmdesigns.co.za


Aan die buitekant is die bakstene wit geverf, terwyl die oorhang met betondetail 'n stelling maak.



Die hoofkombuis-en-leefarea maak oop op 'n klein dek met 'n uitsig na die see.

HOOFKOMBUIS

'n Binnebraaiplek langs die kombuis is 'n bonus wanneer die weer nie wil saamspeel nie.



HOOFSLAAPKAMER

Die hoofslaapkamer is 'n sensuele toevlug, danksy dofpienk skakerings, ryk sjokoladebruine en heelwat tekstuur.

Strooikussings van Evolution Product; groot strooikussing en deken van Isobel Sippel; bedkassie van JB Furniture; hangligte van Weylandts; mat van Hertex Haus

V&A met Mark en Michele

Wat was vir julle die duurste verrassing?

Die byvoeging van 'n kelder onder die hoof-leefarea. Omdat ons op 'n skuins erf gebou het, was daar genoeg ruimte onder dié vertrek. Maar ons sou 'n hangende vloerblad moes giet om 'n vertrek net so groot soos die een daarbo te skep. Die ruimte is nou ideaal vir fietse, tuingereedskap, hout vir die winter en JoJo-tenks om water op te gaar indien nodig.

En die grootste besparing?

Om die struktuur van die gebou so onafgewerk moontlik te hou.

Wat sal julle volgende keer anders doen?

Ons grootste fout was om nie te beseef dat dit binnekort ons hoof-blyplek sou wees nie. Toe ons in Pringlebaai aankom, het ons verlief geraak op die mense en die omgewing, en daarom ons lewens aangepas om permanent hier te bly. Die klerekaste in die slaapkamers skiet eintlik bietjie tekort vir die doel.



Stortteëls van Stiles;
krane en sanitêre ware
van Meir; betonblaaie
met geïntegreerde
wasbakke van
Caesarstone



Al die en suite-badkamers het 'n oopplanontwerp met groot
storte en smukblaaie, en afgeskermdde toilette.
Spieël van Arkivio; bykomstighede van Douglas & Douglas

Dekor en afwerking

Om aan te sluit by die argitektuur is die dekor “’n kontemporêre versameling van unieke items wat ons deur die jare bymekaargemaak het,” sê Michele. “Ons palet bestaan uit neutrale kleure, wit, natuurlike, kakie- en terracotta-skakerings, wat almal tydloos is. Die vaste elemente is eikehout met ’n katoenwit afwerking, terwyl die meubels gemaak is van eikehout, kaaie en ander rou houtsoorte.”

Linnegordyne met voerings bedek die slaap- en sitkamerdeure, wat almal meer as 3 m hoog is. Die gordyne hang aan ’n golfspoor en rus elegant op die vloer. “Gewoonlik trek ons dit toe vir warmte, akoestiek en privaatheid; dit skep ’n knus kokon op koue aande,” sê Michele. Die lang smal vensters is met swart Venesiese houtblindings bedek.

Hoewel die palet neutraal is, verskaf rottang, gladde leer en sagte skaapvelle, mandjiewerk, rottanglampkappe en huisplante heelwat tekstuur.

“Ek is mal daarvoor dat ons huis ’n besondere gevoel van gemak en eenvoud uitstraal,” sê Michele. “Ons groot versameling kosbaarhede en kuns, wat skulpe en klippe uit die omgewing, ’n foto-collage van ons reise deur Afrika, en Bolga-waaiers uit Ghana insluit, voeg nog kleur en tekstuur by.” 🏠



’n Tweede slaapkamer in die hoofhuis
weerspieël die Metiors se liefde vir Afrika
en plaaslike ontwerp. Op die vloer is ’n
handgeweeftde mat wat aan die suidkus
van KZN gemaak is.

Kussings en deken van Isobel Sippel;
kopstuk en terracotta-stoeltjies van
MM Designs; muurligte van Hoi P’Ioy



Voudeure van Swartland

STOEP

Die Andreasens leef as't ware op hul stoep, veral in die somer. "In die winter raak dit 'n heerlike sonvertrek wanneer ons die voudeure toemaak; dit is ook waterdig," sê Liz. Haar man het die kaggel, wat mooi afsteek teen 'n donker muur, ontwerp en die bouspan het dit meesterlik gepleister. Die eettafel en -stoele was 'n gelukskopie by 'n afslaer op Ceres. "Ons het van die rottang wat nie meer

in 'n goeie toestand was nie, herstel en alles in Plascon Evasive White geverf," vertel Liz. Die stoele se rottangrugkante is wel nog die oorspronklike.

'n Bank van gevlegte rottang – 'n geskenk van vriende wat verhuis het – en twee Malawiese stoele, tesame met kanttafels en lanterns, maak van dié ruimte 'n gemaklike en gesellige kuierkol. >>

DIE EIENAARS

Liz Andreasen en haar man

GROOTTE 247 m²

Die platteland roep

Toe hul planne om Europa toe te trek deur die mat val, het dié paartjie uitgewyk na die Swartland en daar vir hulle 'n moderne skuurhuis gebou.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



LEEFVERTREK

Aanvanklik het die Andreasens 'n ruwe sandgeblaasde effek vir dié baksteenmuur in die dubbelvolume-leefarea beplan, maar toe die kontrakteur hier kom, sou hulle ontdek dat die bakstene te hard is vir so 'n afwerking. Toe saksmeer hulle die muur om die tekstuur van die stene te beklemtoon, en verf dit wit. Die kunswerke teen die galerymuur sluit vier foto's van die legendariese Suid-Afrikaanse jazz-musikant Ray Phiri, 'n afdruk deur Riaan van Zyl en werke deur Christiaan Diedericks in.

Koordfluweelbank en los stoele van Sofaworx; swart staanlamp met wit skerm van @home

Die lewe loop nie altyd soos beplan nie, weet die Andreasens alte goed. Hulle het planne gehad om in Frankryk of Italië te gaan woon. “Ons het ons pragtige huis in Nuweland, Kaapstad, verkoop en ons funksie-en-verhuringsonderneming toegemaak, en was reg vir ’n nuwe lewe in Europa,” vertel Liz.

Maar met Covid-19 is alles op die lange baan geskuif. “Toe ons weer plaaslik kon reis, het ons by een van my goeie vriende, Astrid McLeod, eienaar van The Gallery in Riebeeck-Kasteel, gaan kuier. Ons was al ’n paar keer tevore by haar en het hoe langer hoe meer van die omgewing gehou,” sê Liz. “Ons het dit selfs begin oorweeg om ’n skuif daarheen te maak. Ek was op die uitkyk na iets om te doen en het ’n rissiesous ontwikkel wat ek dalk in dié dorp sou kon vervaardig.”

So stap Liz se man toe een oggend tydens sy wandeling verby ’n halfgeboorde huis wat te koop was. “Hy was nog altyd die een wat die huise waarin ons gewoon het, gevind het – en ons het al in sewe in Kaapstad gebly,” vertel sy. Die eiendom het verskeie pluspunte gehad: Dis loopafstand van die middedorp, in ’n stil straat sonder vragmotors wat verbydreun; boonop sou hulle die huis volgens hul styl kon aanpas.

“Ons het die fondasies behou, al die mure afgebreek en as’t ware van voor af begin,” verduidelik Liz. Hulle het die huis self ontwerp en toe ’n tekenaar gevra om die planne op te trek. >>



Stoel van Sofaworx



Liz se man het hierdie eikehoutkas opgeknop – nou is dit die perfekte plek vir hul nuwe versameling breekgoed en glase.



VERFKLEUR

Flash Harry Roof Paint
Dark Charcoal

Liz het die tuinmure donkergrys gevef sodat dit by die omgewing inskakel en nie hul uitsig op die Kasteelberg bederf nie.

RIEBEEK-KASTEEL

Die Andreasens het die reling vir die trap na die solderslaapkamer ontwerp en 'n sweiser van Riebeeck-Wes het dit gemaak. Onder die trap is 'n boekrak netjies ingepas. Die eettafel was deel van 'n bestorwe boedel in Moorreesburg; Liz se man het dit afgeskuur en swart gevef.



Trapreling deur WK Industries; wensbeenstoele van @home



Dié groot spenskas kom van Tulbagh en is gevef om by die kombuiskaste te pas. Dit het bēreplek vir spensware, asook groot potte en koperpanne.

Porselein-dekorstukke van @home



Skure wat inspireer

Huise in die skuurstyl het Liz en haar man nog altyd bekoor. “Trouens, ons vorige huis was ietwat van ’n skuur,” vertel sy. “Dié keer wou ons ’n klassieke spits dak met balke en ’n ronde venster in elke gewel bo die oopplan-leefareas hê. Ons het dit lig en oop gehou, met ’n muur van voudeure wat op die stoep oopmaak en hoë vensters aan twee kante.”

Hul vorige huis was in die Franse landelike styl. “Ons het besluit om dié huis vir ’n verandering meer kontemporêr te maak,” sê sy. En dit het hulle reggekry met tekstuurryke wit mure, swart houtbalke en donker houtskeelaksente in die vorm van ontblote I-balke, aluminiumraamvensters en moderne kombuiskaste.


Die resultaat is taamlik industrieel, met witgeverfde bakstene vir die onderste deel van die mure in die leefruimte en natuurlike bakstene elders. Ontblote betonbalke dra by tot die voorkoms. ’n Eenvoudige betontrap met ’n metaalreling versterk die skoon, moderne styl, net soos die afgevlakte vloere deur die hele huis.

’n Dubbelvolume-leefarea met ’n kombuis aan die een kant vorm die hart van hul vloerplan. “Dis sodat ons kan saamkuier terwyl ons kook – ek haat dit om nie deel van die aksie te wees nie,” vertel Liz, wat ’n passie vir kosmaak het. “’n Aparte opwasplek met ’n dubbelwasbak en toestelle verseker dat die hoofdeel meestal netjies en skoon bly.”

Twee slaapkamers met en suite-badkamers en die groot stoep maak die res van die grondvloer uit. Bo die motorhuis is ’n solderslaapkamer met oopplan-badkamer, wat ’n mens met die trap uit die leefarea bereik. “Die ekstra slaapkamers was nodig, want ons drie volwasse seuns kom gereeld kuier,” sê Liz. >>

’n Lieflike ou tafel uit ’n bestorwe boedel op Moorroesburg is die apploustrekker op die klein stoep voor die hoofslaapkamer.


Patroonteeëls van Tiletoria



KOMBUIS

“Dis vir my aaklig om op my eentjie te staan en kook, daarom wou ek hê die kombuis moet deel van die leefarea wees,” sê Liz. “Ek het dit met prente, koperpote, pragtige ou broodplanke en ornamente versier sodat dit ’n netjiese geheel vorm.” Liz se man het die kaskarkasse gekoop en ’n kombuisvervaardiger uit Kaapstad het die deure en laaie ingesit. Die deur links lei na die opwashoeke.

Kabinette geïnstalleer deur Eddie Bennett Kitchens



Van nuuts af

“Die mense wat ons ou huis gekoop het, het so baie van die atmosfeer en meublement gehou dat ons uiteindelik die plek met alles daarin verkoop het,” sê Liz. “Buiten ’n ou weermagtipe laaikas, twee antieke eetkamerstoele en enkele kunswerke het ons geen meubels vir dié huis gehad nie.”

Terwyl die bouwerk aan die gang was, het hulle veilings en antiekwinkels op afgeleë dorpe besoek en stadig maar seker gekoop waarvan hulle gehou het. “Dit was heerlik om nuwe mense te ontmoet, die omgewing te verken en skatte te ontdek,” sê sy. “Moderne artikels het ons by hoofstroomwinkels gekoop. Ek kombineer graag oud en nuut; dit gee karakter aan ’n huis.”

Die bouwerk het sowat ’n jaar geduur. “Intussen het ons in ’n gehuurde kothuis in dieselfde straat gebly. My man was die meeste van die tyd op die bouterrein as projektebestuurder,” sê Liz, wat gereeld Kaap toe en terug moes ry.

Op stuk van sake was Riebeek-Kasteel toe nie die ideale plek om haar rissiesous te maak nie. “Mens moet liefs meer sentraal wees om verspreiding te vergemaklik,” verduidelik sy.

Enkele verrassings

Die bouwerk het meestal glad verloop, buiten enkele verrassings. “Een dag toe ons op die terrein kom, het ons ontdek die werkers het ’n baie beskeie omranding vir die kaggel op die stoep gebou. Dit was glad nie wat ons in gedagte gehad het nie, en dit het heelwat oortuiging gekos voor hulle dit vervang het met die groot, indrukwekkende betonomranding wat my man ontwerp het,” vertel Liz.

’n Ander keer kon die werkers nie daarin slaag om ’n massiewe palmboom wat die klein tuin oorheers het, uit te haal nie. “Toe kom die plaaslike wynmaker Pieter du Toit een aand hier aan met ’n voorlaaigraaf, en is die boom by flitslig uitgegrawe!”

Namate Liz se nuwe onderneming, Chilli Lizzi, op dreef gekom het, het die heen-en-weer-ryery net te lastig geraak en het die paartjie uiteindelik teruggetrek Kaapstad toe. “Nou is dit ons wegbreektuiste waar ons naweke en vakansies deurbring. Dis ’n baie spesiale plek met die mooiste lig en wonderlike energie,” meen hulle. >>

HOOFSLAAPKAMER

Die hoofslaapkamer maak op sy eie stoepie oop. Klein leeslampies wat die paartjie tydens ’n reis na Italië gevind het, is bo die gestoffeerde kopstuk aangebring. Egte linne, gekoop in Milaan, dra by tot die weelderige voorkoms. “Gordyne kan so warm voel, daarom het ons hortjies regdeur die huis gekies om die hitte teë te werk,” sê Liz.

Bedkassies van @home; kopstuk en Romeinse blindings gemaak deur Constantia Curtains; strooikussings van Block & Chisel; ingeboude kaste deur Eddie Bennett Kitchens; hortjies van Blockhouse Shutters







Cobra-kraane van
Bathroom Bizarre



Liz Andreasen

HOOFBADKAMER

Die egpaar wou 'n ordelike voorkoms in al die badkamers hê en het wit teëls gekombineer met houtskool voegbry vir trefkrag. "Dié kleur voegbry is baie makliker om skoon te hou as wit," sê Liz. Die wasbaktafel kom van 'n tweedehandswinkel. "Dit was oorspronklik donker hout, maar ons het dit skoongemaak en wit gevef voor ons die kwartsblad en wasbakke opgesit het."



Woods-plakpapier deur
Cole & Son; strooikussings
van Block & Chisel; deken
van Mungo; Cobra-kraane van
Bathroom Bizarre

GASTEKAMER EN -BADKAMER

Plakpapier geïnspireer deur 'n woudlandskap skep 'n sagte, rustige gevoel. Die wasbaktafeltjie in die badkamer is die ander helfte van die een in die aparte gastetoilet.

V&A met Liz

Wat was jul duurste verrassing, en hoekom?

Die bou van die swembad. Daar was vreeslik baie klei wat uitgegrawe moes word. En omdat dit aan die verste kant van die huis is, was dit moeilik om die grond en klei van die erf af te kry.

En jul grootste besparing?

Om die hele projek self te bestuur. Omdat ons naby gebly het, kon my man amper elke dag op die terrein wees en onmiddellik besluite neem.

Wat sal julle volgende keer anders doen?

Nie veel nie, want ons hou van die huis soos dit is. Maar miskien sou 'n spesiale kosbereidingsarea of 'n eiland in die kombuis welkom gewees het... >>

'n Imposante houtskool geverfde armoire bied ekstra pakplek in die gastekamer. Die moderne riempiesbank sorg vir treffende kontras.

Romeinse blindings deur Constantia Curtains; bankie van Mr Price Home

Die huis is 'n toevlug
– ons geniet die
voëlgesang, kerkklokke
wat lui en algehele
vredigheid. – Liz

INGANG

'n Rooi deur en 'n "mat" van patroonteëls begroet jou by die ingang. "Ons het nog in al ons huise 'n anderster voordeur gehad," sê Liz.

VERFKLEUR

Plascon
Oxblood Red

Patroon-
teëls van
Tiletoria



GASTETOILET

Speelse plakpapier wat die Andreasens se seun uit die VK gebring het, maak 'n stelling hier. "My man het die wasbaktafeltjie gemaak deur 'n spieëltafel middel deur te saag, 'n kwartsblad bo-op te sit en 'n wasbak te installeer," sê Liz.

Plakpapier deur Cole & Son; wasbak van Italtile;
Cobra-kraan van Bathroom Bizarre



SOLDERKAMER EN -BADKAMER

In die solderslaapkamer bo-op die motorhuis, met sy lieflike hemelbed, dien 'n gordyn as afskorting by die oopplanbadkamer. "Ons het dakwaaiers en lugreëlaars in al die vertrekke omdat dit baie warm word hier in Riebeeck-Kasteel," sê Liz.

Storttoebere van Bathroom Bizarre



Hemelbed van Weylandts



Só het hulle gemaak ...



In hierdie stadium van die projek is al die mure klaar gebou en die ronde vensters op hul plek in die gewels. Die dak, aluminiumraamdeure en -vensters en die motorhuisdeure moes nog geïnstalleer word. Bo regs word die dakkappe ingesit.



Die betontrap na die solderslaapkamer is voltooi.



Die swembad word uitgewrae.



Die kaggel op die stoep moes drie keer oorgebou word voor hulle tevrede was.



KENNERSRAAD Kies hortjies



Hortjies bied 'n netjiese, duursame alternatief vir gordyne, blindings en veiligheidsversperrings soos diefstaling en veiligheidshekke. Maak wel seker jy kies die regte hortjies vir jou behoeftes, sê Kevin Owens, handelsbestuurder by Blockhouse Shutters.

- Indien die hortjies as veiligheidsmaat-reël moet dien, kies dié wat gemaak is van hoëgehalte-aluminium (argiteksgraad). Maak seker die sluitstelsel is sterk, peutervry en toegerus met stewige sluitpenne. Hierdie hortjies kan binne en buite gebruik word en is ideaal vir vogtige kuststreke en klam areas soos badkamers.
- In woonkomplekse waar sekuriteit nie voorrang geniet nie, kan nie-veiligheids-hortjies bydra tot 'n gesofistikeerde ontwerp en afronding. Aluminium is aan te beveel indien dit in badkamers of ruimtes met swak ventilasie gebruik gaan word.
- Vir binnerruimtes waar veiligheid nie nodig is nie, kan soliede houthortjies warmte en tydlose elegansie skep – perfek vir netjiese dog karaktervolle afwerking.
- Gehalte-vakmanskap is onontbeerlik vir alle tipes hortjies. Onderzoek die hegtings van die blaaië en raamkonneksies – dit moet stewig wees en opgewasse vir alledaagse gebruik. Hortjies moet maklik kan oop- en toemaak.
- Hortjies kan pasgemaak word vir verskeie installasies en gevorm word om in boë, patrysposse en selfs driehoek te pas. Aluminium kom in 'n standaardreeks kleure maar kan spesiaal gekleur word soos verkies. Houthortjies kan volgens jou vereistes gebeit of geverf word.
- Behoorlike sorg en onderhoud is nodig om hortjies mooi en in 'n goeie werkende toestand te hou:

Aluminium Maak skoon met 'n nie-skurende middel. Spoel af met skoon water en droog af met 'n sagte lap om aanpaksels te vermy en moeitevrye werking te verseker.

Hout Stof die blaaië gereeld af. Maak hardnekkige vuilskoon met 'n effens klam doek en droog dadelik af met 'n sagte lap om die hout se afwerking te beskerm.

KONTAK blockhouses shutters.co.za 📞

KONTAKTE & VERSKAFFERS

@home bash.com Bathroom Bizarre bathroom.co.za Block & Chisel blockandchisel.co.za Chilli Lizzi chillilizzi.co.za Cole & Son cole-and-son.com Constantia Curtains constantiacurtains.co.za Eddie Bennett Kitchens 021 934 2832 Flash Harry flashharry.co.za Italtile italtile.co.za Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Plascon plascon.co.za Sofaworx sofaworx.co.za Swartland swartland.co.za Tiletoria tiletoria.co.za Weylandts weylandts.co.za WK Industries 079 882 4110

Om verblyf in die huis te bespreek, besoek lekkeslaap.co.za/accommodation/22-royal of airbnb.com/l/e6MoyBur

DIE EIENAARS

Marilouise en Jacques van der Merwe

GROOTTE 60 m² (onder dak 40 m²)

SLAAPKAMER

Die gestoffeerde kopstuk skep kontras met die herwinde staal-plafonpanele wat met wit Plascon Polvin geverf is. Nog groen aksente, asook die blaarmotiewe, versterk die natuurtema. Die kamerverdelers is van herwinde hortjies wat Marilouise by 'n plaaslike kunstenaar, Mark Matthysen, raakgeloop het. Hier was voorheen 'n ou winkel deur wat dieselfde doel gedien het: privaatheid tussen die slaap- en die badkamer.

Deken van African Jacquard; bedlampe van Hertex Haus; hortjies-afskorting van The Rustic; kopstuk se materiaal van Hertex; riefelglaskassie van Studio Delta

Herontdek die helende krag van die natuur in 'n opgeknapte glashuis aan die voet van die Langeberg.

VIND JOU RITME in die bos

Deur Jackie Pienaar-Brink • Foto's Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



KOMBUIJS

Hier vang die blou werkbank en wit houtkassie met die ingeleefde voorkoms dadelik gaste se oog. Dié stukke is tweedehandse vondste en kom oorspronklik uit die Tsjeggiese Republiek in Oos-Europa. Die kombuis loop uit op 'n gesellige sit-area met 'n braaiplek, waar die klipmotief herhaal word.



Werkbank en wit kassie van
Koöperasie Stories; antieke
marmertafeltjie van Delos



Op die gasteplaas Fazenda in die Hermitage-vallei staan 'n glashuis waarvan die meeste mense net kan droom. Dit gryp jou verbeelding aan, en nooi jou na binne – dis hier waar koesterende stilte gaste in 'n andersins gejaagde wêreld laat tuiskom. En waar jy behoorlik kan asemskip.

Dié gasteplek is nie nuut nie, en die baasbrein daaragter ook geen vreemdeling vir *Tuis* se lesers nie. Want Marilouise van der Merwe se mooi projekte – haar eie en vir ander mense – was al telkens op die blaaie van die tydskrif.

Dit weet ons nou al van Marilouise – aanhou beweeg en geraas maak is haar forte. Tyd vir stilsit is min. En toe die winter sorg vir 'n oomblik van respyt in die gasvryheidsbedryf, het sy en haar man, Jacques, die kans aangegryp om The Greenhouse 'n vars voorkoms te gee.

Hulle het dié reghoekige struktuur wat aan 'n kweekhuis herinner met die aanvang van die Covid-grendeltyd in 2020 self opgerig om aan gaste 'n andersoortige ervaring te bied waar die natuur hulle kon omvou. Dit het bloedsweet gevegg, met hier en daar die hulp van plaaslike ambagslui. Maar toe The Greenhouse eers staan, was dit sommer gou die gewildste van die gaste-eenhede wat Marilouise op die plaas bedryf.

Omdat die plek so gewild is, het die vloer ongelukkig begin verweer en was dit hul hooffokus tydens die onlangse opknapprojek. Met 'n maand tot hul beskikking het hulle besluit om toe sommer ook die badkamervloer te vervang, die wasbak te verskuif en die plek geheel en al 'n nuwe baadjie te gee. >>

LEEFAREA

Tydens 'n kuier in The Greenhouse is die hoofkarakter die natuur, nie die gebou nie, sê Marilouise – vandaar die ruim gebruik van glas. Die meubels is ook volgens dié beginsel gerangskik, met potplante regdeur die glaskas en rondom die plonspoel buite. Die leerstoel in die sit-area is lank gelede op Facebook Marketplace gekoop. Tielman de Villiers van die Magpie Art Collective op Barrydale het die kandelaar verfris. Die suikervoëls daarop is van herwinde materiale gemaak, terwyl elke gloeilamp 'n kroon van krale gekry het.

Die vloer was eers met wit inhaak-teëls bedek, maar dit is vervang met 'n vinylvloer wat hoë verkeer kan dra en nie so hard en koud voel nie. Danksy die okkerneutbruin kleur sluit dit mooi aan by die houtdek en natuurlike tapyt van dennenaalde. Vir beter hitteverspreiding is die houtkagel van die verste hoek verskuif na die slaap-en-sitgedeelte.

Kagel van Woodstove Emporium SA; Diamond Core SPC-vinielvloer van Finfloor





Nog 'n triomf

Marilouise is die kreatiewe hartklop van Fazenda en sy verander dikwels aan die vyf gaste-eenhede om als vars te hou. Haar man is die praktiese planmaker.

Jacques boer met beeste, bessies en neute. Hy vertel laggend hy het kleintyd al ondervinding van bou-en-breek-projekte opgedoen toe hy as plaaskind naby Reivilo in Noordwes skure help bou het. Net soos sy vrou het hy 'n natuurlike aanvoeling vir ontwerp.

“Jacques is baie handig en kan omtrent enigiets bou en aanmeekaarsit,” sê Marilouise trots. “Dis dan wanneer my kreatiwiteit vlerke kry.”

Praktiese oorwegings het 'n rol in die pas afgelope opknapproses gespeel, maar die Van der Merwes terselfdertyd die kans gebied om buite en binne nader aan mekaar te bring met slim kleurgebruik. Daar is nou meer groen en bruin, en die vloer het 'n heelwat warmer voorkoms.

Die resultaat is weer eens 'n triomf. In Marilouise se tipies eklektiese styl is daar steeds 'n mengsel van oud en nuut, met 'n Oos-Europese kinkel hier en invloede uit Afrika daar. Daar is nou ook 'n effe sterker klem op die natuur, wat in die eerste plek die inspirasie agter alles was.

Marilouise, 'n opgeleide somatoloog, se interieur- en ontwerpprojekte is 'n natuurlike uitvloeisel van haar aandag aan detail, kleurgebruik en komposisie.

“Om iets besonder met 'n eie karakter en identiteit te skep, is vir my belangrik. Mens moet die einddoel van 'n projek en die gepaardgaande faktore verstaan – soos omgewing, ontwerp en gebruik.”

As ons so na die foto's kyk, sukkel sy wat Marilouise is beslis nie daarmee nie! Intendeel: Sy het die kuns bemeester. >>

BADKAMER

Die mure se wit metroteëls dra by tot 'n sin vir ruimte. Op die afgevlakte vloer het Marilouise nou wit mosaïekteëls (“penny rounds”) laat lê om daarby aan te sluit. Die wit wasbak was voorheen op 'n outydse kassie net buite die ingang, maar het nou 'n nuwe tuiste langs die toilet. En bo die wasbak is 'n besonderse spieël wat so lank reeds in Marilouise se besit is dat sy nie kan onthou wanneer en in watter tweedehandswinkel sy dit raakgesnuffel het nie.

Badprodukte van Amanda-Jayne; handdoeke van The Cotton Company; mosaïekteëls van Langeberg Teëls; antieke kristallig van The Lamp Workshop



BUIITE

Die dek van balauhout verskaf twee ekstra kuierplekke. Dubbeldeure wat uit die kombuis en die leefarea oopmaak, bied aan gaste die geleentheid om spontaan na buite te leef. Die egpaar het probeer om hul voetspoor so klein moontlik te hou. "Streng gesproke is die glasstruktuur verskuifbaar sonder om die omgewing te ontwrig," vertel Jacques.

Só is die glaskas destyds gebou...



Die glaskas het grootliks nie 'n fondasie nie, maar is merendeels 'n houtstruktuur wat op pale van behandelde dennehout rus. Die hoekpale en van die dikker balke tussenin is met staal beklee.



Net die badkamer het 'n fondasie – dis met klip gebou, teenaan die glasstruktuur. Die buitemure is ook beklee met klip van die plaas. Spieëls is teen die een klipmuur opgerig (*foto oorkant*) om die natuurlike woudomgewing te weerkaats. Dit skep die illusie dat die struktuur in die omgewing wegsmelt wanneer gaste daartoe aangestap kom.

Ysterware van AH Marais



Die hoofdoel met die glasstruktuur was om 'n kweekhuis-effek te skep. Daarom dan ook die keuse van 'n spits houtdak wat met deurskynende gegolfde dakplate natuurlike lig inlaat.



Staalrame en herwinde glas is vir die vensters en deure gebruik. In pas met hulle besluit om sover moontlik materiaal te gebruik wat hulle reeds gehad het of maklik bekombaar was, is die staalrame uit 'n katalogus aangekoop. As alternatief vir stopverf is SUV-besteande en plastiekvrye PVC-omlystings met silikoon ('n trots Suid-Afrikaanse produk) gebruik.

Vensteromlysting van Nu-Glaze



Die konstruksie was 'n organiese proses, en die natuur het eintlik maar van die begin af vir hulle presies gewys hoe dinge moet ontvou, sê Jacques. "Dit was net nodig om een rots by die plonspoel en een by die fundamente vir die hoekpale te skuif." Die verrissende plonspoel van 2 x 1,2 m is aan 'n pomp- en 'n filterstelsel gekoppel.

KENNERSRAAD

Drie belangrike elemente



Die Van der Merwes het uit ervaring geleer, en het die volgende raad vir jou opknapprojek:

- Beplanning is uiters belangrik. Besluit in die eerste plek op die styl wat vir jou werk, maar hou ook in gedagte waarvoor jy die gebou wil aanwend; dit sal jou lei oor die geskikte materiale wat jy moet gebruik.
- Met 'n professionele bouspan is die projektyd gewoonlik korter, maar om dit self aan te pak is soveel meer lonend!
- Boonop: Hoe meer jy self doen, hoe meer bespaar jy. Jy leer uit jou foute, daarom is sulke projekte nooit 'n mors van tyd en energie nie.

KONTAK fazendaswellendam.co.za

VERSKAFFERS

African Jacquard africanjacquard.com
 AH Marais ahm.co.za
 Amanda-Jayne amandajaynecandles.com
 Delos delos.co.za Finfloor finfloor.co.za
 Hertext hertext.co.za Hertext Haus hertexthaus.co.za
 Koöperasie Stories kooperasiestories.co.za
 Langeberg Teëls langebergteels.co.za
 Magpie Art Collective magpieartcollective.net
 Nu-Glaze nu-glaze.co.za Plascon plascon.co.za
 Studio Delta studiodelta.co.za
 The Cotton Company thecottoncompany.co.za
 The Lamp Workshop thelampworkshop.co.za
 The Rustic instagram.com/therustic.shop
 Woodstove Emporium SA woodstoveemporium.co.za



Skep trefkrag MET TEËLS!

Verfraai jou huis met treffende
patrone, koel kleure, *trendy* ontwerpe
en slim uitlegte.

Saamgestel deur die Tuis-span

**Geel is warm en
speels – en ons
viervoetmaat
stem saam!**

Geel-en-wit
vloerteëls van
Hadede Tiles



Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

Teëls van Decobella

Klassiek of pure pret?

Teëls bly 'n gewilde afwerking, van badkamers tot fokusmure en nisse. In Heidi en Doug Cuppleditch se huis op Riebeek-Kasteel maak teëls met 'n romantiese liggroen patroon 'n stelling agter hul smeulkaggel. In dié dubbelvolume-oopplan-leefvertrek strek die ontblote pyp tot in die boonste verdieping, wat verseker dat die huis knus en warm bly in die winter. Pleks dat die pyp weggesteek word, het hulle dit in die kollig geplaas sodat 'n mens kan sien hoe sy patina oor die jare verander.

Ons kreatiewe redakteur, Marian van Wyk, het 'n ander benadering gevolg in 'n badkamer in haar huis in Plettenbergbaai: Deur die muurteëls met hul halvesirkels op verskillende maniere te rangskik, het sy 'n unieke patroon geskep. "Ek is mal oor 'n geometriese ontwerp, en die halvesirkel is juis 'n lekker vorm om mee te speel – daar's net soveel moontlikhede!" sê sy. "My man, Louis, het ronde plakkers middeldeer gesny sodat ek dit kon toets en op 'n finale uitleg besluit." >>



Teëls van Decobella

Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

#1 PATROON

Patroonteëls is al jare lank gewild – van treffende Marokkaanse ontwerpe wat wil-wil lyk asof alles nie by mekaar pas nie, tot stroke van herhaalde patrone wat 'n indrukwekkende visuele indruk maak.

Hoewel Marokkaanse motiewe tydloos is, is meer moderne ontwerpe met eenvoudige vorms soos sirkels, halvesirkels en driehoeke vandag groot nuus – hetsy in simmetriese of onderbroke patrone (*sien regs*).

En as die teëls handgemaak voorkom, nog te beter! In 'n era wat al hoe meer digitaal gerig raak, het rou of tekstuur-ryke afwerkings gesogte status verwerf. Volgens die kenners kan 'n meer tasbare oppervlak wat ons met ons vingerpunte kan ervaar, as teenvoeter vir te veel skermtyd op selfone dien.

Met blou wat steeds 'n gewilde kleur is, en waarskynlik vir altyd sal wees, tel heldergeel, groen en pienk skakerings, asook sagter pastelle soos saliegroen, onder die ander gunsteling.

ONTHOU Patroonteëls het baie te doen met persoonlikheid, en dis belangrik dat jy iets kies wat tot jou spreek. As jy voel dat 'n hele vloer of muur afgewerk met patroonteëls darem te besig gaan lyk, hou dan by 'n kleiner ruimte soos 'n ingang, waar jy 'n sterk dog beheerste stelling kan maak.


Patroonteëls onder hierdie
smeulkaggel in Hendrien
Kruger se huis in Pretoria
vang die oog sonder om
die ruimte te oorweldig.
Boonop beskerm dit die
houtvloer. Slim nè!

Patroonteëls van Italtile;
Dovre-kaggel van Home
Fires

Die kunstenaar Alani Nel het teëls vir haar jaarlikse “Abundance in June”-projek geverf. Sy noem die reeks “A Story of Hope”.



In die proelokaal van Groot Pheasantekraal in Durbanville word die wynplaas se geskiedenis vasgevang in 'n geteëde muurskildery deur die keramiekkunstenaar Michael Chandler.



#2 SKEP KUNS DAARMEE!

Keramiekteëls het 'n eeue oue geskiedenis. Die vroegste waarvan ons weet is meer as 5 000 jaar gelede in antieke Egipte en Mesopotamië (vandag Irak en omliggende streke) gemaak. Teëls is gebruik om mure, vloere en tempels mee te versier. As jy al ooit in Portugal was, sal jy weet in hoeveel oordadig *azulejos* binne en buite gebruik word! Ook in Swakopmund, Namibië, word teëls dikwels gebruik om huise teen strawwe weerstoestande te beskerm pleks daarvan om die buitewêreld te moet verf.

Met 'n versameling teëls in verskillende vorms en kleure kan jy selfs 'n kunswerk skep – dis amper soos om 'n legkaart te pak. Kies andersins teëls wat deur plaaslike kunstenaars beskilder is.

“Ek skep graag kuns op teëls,” sê Alani Nel, 'n kunstenaar van Durbanville. “Ek het die afgelope vyf jaar elke Junie 30 skilderye binne 30 dae vir my “Abundance in June”-projek voltooi. Vanjaar het die blou-en-wit geverfde teëls in Delftse styl my geïnspireer om op teëls te skilder (*sien bo links*).” >>

Die Brasiliaanse kunstenaar Gregghi gebruik klassieke sketse om lewendige, speelse komposisies te skep wat dan op teëls gedruk word. Gregghi se werk is bekend vir die energie en verbeeldingryke herinterpretasie van beeldmateriaal.

Teëlpaneel van Nosso



Dié treffende komposisie van 24 keramiekteëls (*regs*), elkeen met 'n abstrakte kobaltblou voël in vlug, skep 'n boeiende kunswerk.

Teëlpaneel van Nosso

#3 TERRACOTTA

Terracotta-teëls is te kry in 'n groot verskeidenheid style – van Italiaans geïnspireerde vierkante met breë voegbrylyne tot tipies Suid-Afrikaanse “klompies”, wat deesdae hoog in die mode is. Klompies (smal langwerpige kleiteëls) was oorspronklik bedoel vir buiteruimtes, maar word al hoe meer binnenshuis gebruik.

Hanno en Martly Calitz, die eienaars van Stil in Montagu, het die vloere in hul gastehuis naatloos afgewerk met klompiestene, ter ere van die Kaapse volksboukunde.

“Anders as in die leefruimte, waar 'n visgraatpatroon gebruik is, gee 'n staansteenlaag trefkrag aan hierdie badkamer,” sê die binneontwerper Hendre Bloem. Wit KitKat-teëls teen die muur komplementeer die voorkoms.

“Klompies bly 'n gewilde keuse danksy hul tydlose styl,” sê Melanie van Staden van Revelstone. “Ons het onlangs 'n moderne weergawe uitgereik met 'n gladde klompieteël wat in verskeie kleure te kry is. Waar 'n tradisionele growwe tekstuur 'n aardse gevoel en voorkoms het, is die gladde klompie meer kontemporêr. Hou net in gedagte dat dié teëls meestal binne gebruik word, en gereeld verseël en onderhou moet word.”

Klompies van Revelstone;
KitKat-teëls van Stiles



“Ek het duursame lae-onderhoud-klompies in die binnehof en badkamer (regs) van hierdie huurhuis in Pretoria gebruik,” sê Talitha Potgieter, wat gehelp het met die bou en binneversiering van dié eiendom, wat in Maart | April 2025 se *Tuis* was.



Foto's Christoph Hoffmann • Stilerings Amanda van Wyngaardt

Klompies kom van ver

Tradisionele klompiestene het al in die 17de eeu uit Nederland na Suid-Afrika gekom, tog beïndruk hulle vandag nog! 'n Mens sien dit dikwels in badkamers, portale en gange.

Daar is 'n wye verskeidenheid klompiestene beskikbaar – van betonstene tot dun kleiweergawes wat ook as muurbekleding gebruik kan word.

“Ek is mal oor die tekstuur en kleur van klompies, en al die patrone waarin hulle gelê kan word,” vertel die binneontwerper Jacob Burger van Jakob Interior Design. “Dit werk baie goed wanneer jy 'n ouwêreldse sjarme wil skep. Destyds het baie huise se vloere uit gepakte stene bestaan. Ek lê graag plaveiestene wat soos klompies lyk in 'n visgraatpatroon.”

Wenk Indien jy nie graag klompiestene vir jou vloere wil gebruik nie, oorweeg dit in 'n visgraatpatroon rondom jou kaggel of buitebraaiplek. >>

In ons redakteur, Wicus Pretorius, se erfenishuis in Kaapstad was klompies die perfekte vloerbedekking. Die huis dateer uit 1908 en die klompies pas perfek by sy geskiedenis. Wicus het oorspronklik 'n visgraatpatroon oorweeg, maar weens 'n gebrek aan tyd het hy 'n strykverband gekies, wat gouer afgehandel kon word. “Die onvolmaakte patroon is vir my mooi, want dit pas by die huis: Niks hier is perfek nie en omtrent alles is skeef en krom. Enige ander ontwerp sou hierdie ‘gebreke’ beklemtoon het. Die strykverband verblom die uitdagings wat 'n huis wat meer as 100 jaar gelede gebou is, inhou.”

Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



Klompiestene is glyvas, wat hulle ideaal maak vir nat ruimtes.

FOKUS OP Teëlpatrone


As jy eers begin eksperimenteer met teëls en hoe hulle gelê kan word, sal jy gou beseef: Die moontlikhede is eindeloos!



Reguit verband



Chevron



Windmeul



Diagonale verband



Mandjieweef



Baksteenverband



Strykverband



Visgraat

Terracotta-teëls gesny in 'n lang, smal formaat is 'n nuwe weergawe van die tradisionele vierkante. >>



KENMERKENDE SEMENT- AFWERKINGS

Besoek een van ons vertoonlokale

Johannesburg
Jan Smutslaan 227, Parktown-Noord
011 447 3149

Centurion
Coachmen's Park 15, Jakarandastraat 26, Hennopspark
012 653 6808

Kaapstad
Eagle Park, Computerweg, Montague Gardens
021 555 1034



Vervaardigers van Kenmerkende Sementafwerkings
www.cemcrete.co.za | 0860 CEMCRETE | enquiry@cemcrete.co.za

CEMCRETE[®]

#21 KLEUR

Die dae toe ons tussen beige en bruin teëls moes kies, is verby – en dankie tog daarvoor! Hoewel wit klassiek bly, is teëls in helder kleure soos bloue en groene vuurwarm nuus. Gedempte pienk en geel maak ook 'n stylstelling.



Die treffende geteëelde fokusmuur in die kunstenaar Gill Allderman se badkamer – die enigste ruimte waar sy afgewyk het van haar “geen kleur op mure nie”-reël – herhaal die groenigheid buite en dra by tot 'n rustige atmosfeer.

Groen teëls van Cash Tiles;
sementvloerteëls van Val Shear Tiles;
handdoek van Mungo



Foto's Christoph Hoffmann • Stilering Amanda van Wyngaardt

Vierkantige teëls in skakerings van pienk bring 'n speelse element in Debbie Luke se buitekroeg. Dit is boonop prakties: As iemand met vuil skoene teen die muur skop, sal dit geen merke laat nie!

Soortgelyke teëls te kry by Stiles en Decobella

Geel, veral in sagter skakerings, is nou al hoe meer te sien.

Funky Tiles van Stiles



WAT IS WAT? Glans vs. mat

Volgens die kenners by Tiletoria kan die keuse tussen mat en glans teëls 'n groot uitwerking hê op hoe jou ruimte lyk en voel. Elke afwerking het sy eie voordele, daarom moet jy jou navorsing doen en vooruit beplan. Of jy nou 'n kombuis, badkamer, leefvertrek of buitekuierplek beplan, hou die volgende verskille tussen mat en glans teëls in gedagte:

Glansteëls is bekend vir hul gepoleerde, spieëlgladde afwerking. Hul weerkaatsende oppervlak laat lig heen en weer in 'n ruimte bons, wat die indruk skep dat dit oper en helderder is. Glans teëls gee aan enige ruimte 'n gesofistikeerde voorkoms en pas by moderne sowel as klassieke ontwerpe.

ONTHOU Glans teëls kan glad wees wanneer dit nat is, wat dit minder ideaal maak vir plekke met baie verkeer – veral in huise met kinders of bejaarde inwoners.

Mat teëls het 'n sagte, nie-weerkaatsende oppervlak wat warmte en elegansie teweegbring. Hulle bied 'n natuurliker en meer organiese skoonheid, perfek vir landelike ontwerpe. Mat teëls verskaf 'n beter greep, wat hulle 'n veiliger opsie maak vir vloere, veral in nat omgewings.

ONTHOU Mat teëls weerkaats nie lig nie, daarom kan dit 'n vertrek effens donkerder laat voel. Indien jy dié teëls in 'n klein of donker ruimte wil gebruik, maak seker die beligting is goed. >>



Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Die patroon teen die muur in dié huis wat in ons Desember 2023-uitgawe was, herinner aan die speletjie Tetris. Meet die teëls sorgvuldig voor jy jou ontwerp daarvolgens beplan.

Colonial Sky Matte-teëls teen die muur van Decobella

TEËLS

“Die metaalagtige teëls met ’n goue afwerking was waar die hele kombuis begin het; dis die eerste ding wat ons gekies het,” sê die eienaars van High Country Cottage buite Tulbagh. “Dié teëls was die stelling wat ons wou maak.”



Foto Karl Rogers Vignette • Stilerig Natalie Boruwka Vignette



Rial Visagie en Daniel Swanepoel stel die driedimensionele teëls van hul maatskappy, Rialheim, met trots ten toon in die ingang van hul huis in Johannesburg. Dié handgemaakte Target-teëls is in vier kleure te kry: Bronze, Matt Black, Gloss White en Emerald.



Foto Christoph Hoffmann • Stilering Amanda van Wyngaardt

Die pragtige blou-en-wit teëls teen die spatpaneel in Paul en Mona Haumann se huis in Stellenbosch is tydloos.

Teëls van Veelvlak



Foto Francois Oberholster • Stilering Nelia Andrag

#5 ONTWERPER-VOORKOMS


In Suid-Afrika is daar beslis geen tekort aan slim ontwerp of vernuwende binneontwerpers nie. Dink net aan beligting, meubels en, natuurlik, teëls!

Talle plaaslike ontwerpateľjies het merkwaardige teëls vir 'n verskeidenheid gebruike geskep. Ons is groot bewonderaars van Wolkberg Casting Studios met hul uitgebreide reeks vormteëls, asook Veelvlak, Kalki Ceramics, Akashic en Rialheim. Die teëls kan in groot getalle bymekaar gelê word vir 'n ontwerpgedrewe voorkoms en oorrampelende ervaring, of teen fokusmure en spatpanele.

“Menige huiseienaar bel my jare ná 'n installasie om te sê hoe baie hulle steeds van hul teëls hou. Dit wys jou net: Die aanvanklike koste is dalk hoog, maar uiteindelik is dit goeie waarde vir jou geld,” sê Daniel Swanepoel van Rialheim. “Ons gewildste produk is die Loop-teël (*sien bl. 162*), en brons is die kleur wat die meeste mense kies. Ons maak nou ook 'n smaragkleur, wat ons tweede beste verkoper is.” >>

In Anneliese Burgess se vakansiehuis in Pringlebaai is mosaïek die perfekte afronding in die badkamer.

Foto Francois Oberholster • Produksie Marian van Wyk



Die argitek Mano Kalos en sy vrou, Antje Berlin, wou in hul huis in Houtbaai (bo) verskillende houtoppervlakke en 'n kleurskema geïnspireer deur die natuur gebruik as verwysing na die fynbos en berge rondom hulle. Ligblou mosaïekteëls baken die stortdeel af en vorm sodoende 'n onderbeklemtoonde aksentmuur wat bydra tot 'n rustige atmosfeer.

Soortgelyke mosaïekteëls beskikbaar by Douglas Jones

#6 MOSAÏEK

“Mosaïekteëls bied eindelose ontwerp-moontlikhede, onder meer as subtile aksente of sterk glanspunte wat 'n stelling maak en 'n ruimte tot nuwe hoogtes voer,” sê Nicole Russell, bemarkingsbestuurder van Italtile. “Tans sien ons 'n sterk neiging na aardse neutrale kleure, warm terracotta-tone en sagte groene saam met tydlose metale soos rooi- en geelkoper, wat 'n tikkie weelde meebring.”

WAT IS WAT? Porselein vs. keramiek

Het jy geweet dat porseleinteëls ook keramiek is? Die kenners by TAL verduidelik dat porseleinteëls van fyner, digter klei gemaak en teen baie hoër temperature gebak word as keramiekteëls.

Dié vervaardigingsproses lei daartoe dat porseleinteëls 'n waterabsorpsievermoë van minder as 0,5% het, terwyl dié van keramiekteëls bo 0,5% is. Hierdie samestelling maak porseleinteëls meer homogeen, digter, duursamer en veel sterker – ideaal vir areas wat baie verkeer dra. Porseleinteëls is ook minder geneig om water op te neem en vlekke op te doen, en beter bestand teen vlekke as die meeste keramiekteëls. >>

Blou en wit bly 'n klassieke kombinasie, veral in badkamers.



Mosaïek hoef nie tot badkamers of kombuise beperk te word nie. Dié skoorsteenbors in Dorette en Jannie Jooste se huis in Centurion is 'n ware kunswerk. Dorette het teen die einde van 2018 met die projek begin en dit 'n jaar later klaargemaak. "Ek het dit stuk vir stuk beplan, daarna elke stuk geskets en toe die mosaïekwerk gedoen." Vir dié doel het sy oorskietteëls van vorige projekte kleiner gesny met 'n mosaïeksnyer.



#7 TERRAZZO

Ofskoon dit tegnies nie 'n teël is nie, bied 'n terrazzo-vloer een van die duursaamste opsies, wat 'n leeftyd kan hou indien dit behoorlik geïnstalleer en verseël is. Dit is 'n sterk, dekoratiewe oplossing wat behels dat 'n mengsel van klipgruis, byvoorbeeld marmer of graniet, óf ander materiale, op die plek in 'n sement- of harsbasis gegiet word. Die oppervlak word daarna geskuur en gepoleer totdat dit glad en glansend is. So 'n vloer is gewoonlik 11-20 mm dik en uiters duursaam, maar die arbeidsintensiewe installasie maak dit buite bereik van die gemiddelde huiseienaar.

Moderne terrazzo-teëls of teëls met 'n terrazzo-voorkoms is 'n meer bekostigbare manier om dieselfde voorkoms te verkry. Kies 'n teël met fyn gruisdetail, wat mooier lyk en nader aan die ware jakob is.

Die Kaapstadse binneontwerper Etienne Hanekom het 'n kombinasie van terrazzo-teëls en klompies gekies toe hy dié stoep ([links](#)) in die suidelike voorstede van die Moederstad moes vernuwe. Die bestaande pilare is met balau beklee ter wille van meer tekstuur en warmte.



Foto Francois Oberholster • Stilerings Marian van Wyk

WAT IS WAT?

Afgerande vs. nie-afgerande teëls

Die term “afgerand” (Eng. “rectified”) verwys na 'n stap tydens die vervaardiging waar die rande van porseleinteëls gesny of geskuur word om te verseker dat hulle so na as moontlik aan dieselfde grootte is, verduidelik die kenners by Decobella. Hoekom word dit gedoen? Wanneer porselein- en keramiekteëls teen 'n hoë temperatuur in 'n oond gebak word, kan klein verskille in hul grootte ontstaan weens krimpings en kromtrekking. Grootteverskille van tot 1,5% tussen teëls word as normaal beskou.

Afbranding behels dat die rande geskuur, gesaag of met laser gesny word om seker te maak dat al die teëls presies ewe groot is. Dit skep eenvormigheid, skakel enige variasies in die teëlrande uit en verseker skerp 90°-hoeke.

'n Afgerande teël is nie noodwendig 'n beter keuse nie, maar net 'n relatief nuwe proses wat sekere voorkomste moontlik maak, byvoorbeeld ekstradun voegbrylyne. Dit skep 'n simmetriese, naatlose voorkoms, iets wat baie huiseienaars verkies. >>



Teëls met 'n terrazzo-voorkoms kan groter of kleiner klipdetail vertoon. Kies 'n teël wat by jou styl pas.

Sonbed en koffietafel van
Patio Warehouse; teëls met
terrazzo-voorkoms
van Tiletoria

Foto Dirk Pieters • Produksie Marian van Wyk

Vloerteëls van
Artmar Natural Stone;
muurteëls van
Cash Tiles

Die vloer in Gill Allderman se
kombuis spog met terrazzo-teëls.



#8 LEIKLIP

Baie van ons ken leiklipvloere uit ouer huise, waar dit in oneweredige groottes en vorms in lukrake patrone gelê is. Dié vloerbedekking, wat veral in die sewentigerjare gewild was, het die afgelope paar jaar weer nuwe lewe gekry. Dit word nou ook in meer klassieke dekorstyle gebruik.

Vierkantige leiklipsteëls is die voor die hand liggende keuse vir 'n kontemporêre voorkoms, maar vierkante wat in smaller stroke gesny is, is nou hoogmode! 'n Mens sien dit op vloere, asook teen spatpanele en fokusmure by kaggels.

“Leiklip het 'n sterk terugkeer in ons huise gemaak omdat dit 'n rou, natuurlike voorkoms het wat steeds elegant voel,” sê Nicole Russell van Italtile.

“Veral swart leiklip is gewild – dis tydloos, treffend en dramaties, en skakel lieflik in by sowel klassieke as kontemporêre ontwerpe. Ons Axis-porseleinteëlreeks het die voorkoms en tekstuur van leiklip en bied aan klante die skoonheid van natuurlike klip tesame met al die voordele van 'n duursame, moderne teël. Dis die perfekte manier om die tendens joune te maak sonder om praktiese nut prys te gee.”



Dis raadsaam om teëls van natuurlike leiklip te verseël, aangesien dit uiters poreus is en geneig is om te vlek. Onverseëlde teëls kan ook dof voorkom. Kies 'n produk soos Woodoc 45 Tile and Cement. “Woodoc 45 is geskik mits die leiklip poreus is,” sê Frikkie Greeff van Woodoc. “Toets eers die leiklip deur 'n druppel water daarop te plaas. Indien die water intrek, is dit poreus genoeg om Woodoc 45 te gebruik.”

#9 KITKATS

KitKat-teëls het die binneontwerp-wêreld stormgeloop in 2018, en ry steeds die golf. Hul treffende ontwerp – slank en “papier”-dun – het hulle onmiddellik ikoniese status gegee.

“Elke keer as ons dink die *trend* is op pad uit, neem dit ’n nuwe lewe aan,” sê Stevie Joubert, uitvoerende hoof van Stiles. “KitKat-teëls verskaf tekstuur en visuele trefkrag, hetsy in ’n stort, teen ’n spatpaneel in die kombuis of selfs ’n opwashoekie, sonder dat dit ’n ruimte oorweldig.”

KitKats word op ’n rugkant gerangskik – altyd ewe veel per vel en in ’n eenvormige uitleg – om die stroke presies in lyn te hou tydens installasie. So kan dit vinniger en makliker gelê word. As dit vertikaal geplaas word, laat dié teëls ’n vertrek hoër lyk; ’n horisontale oriëntasie skep weer die indruk dat dit breër is. >>

Wit KitKat-teëls (*regs onder*) is in die kol. As verrassings-element het Bronwyn Pirrie swart voegbry pleks van wit gekies – dit beklemtoon die KitKat-effek nog meer.

Met die eerste oogopslag is dit moeilik om te glo dié modieuse stort (*onder*) met sy kurwes en treffende oranje teëls is reeds in 2005 gebou. Susan Fourie van Stilbaai was haar tyd duidelik vooruit! “Die klein langwerpige teëls het amper my begroting vir die bouprojek laat ontspoor, maar ek moes hulle eenvoudig hê,” verduidelik sy.

Geel KitKat-teëls met bruin voegbry versterk die retro-voorkoms in ons kreatiewe redakteur, Marian van Wyk, se huis in Plet.



Teëls van Stiles

Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk



Teëls van Pudlo

Foto Henrique Wilding • Stilering Bronwyn Pirrie

Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



Die teëlpatroon in hierdie gastebadkamer is nog een van ons kreatiewe redakteur Marian se slim planne. “Ek het die arme teëlaar drie keer van voor af laat begin. Gelukkig was ek en my fotograafvriend Greg Cox naby tydens die opknep en kon ons die ontwerp vir hom in Photoshop uitwerk.”

Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Metro-teëls en vierkantige Douglas Jones-teëls from teëls van Stiles; sarong van Mungo

Skulp- of visskub-teëls dra altyd 'n prettige gevoel oor. Dis gewild teen spatpanele agter 'n kombuis- of badkamerwasbak, waar dit 'n oulike fokuspunt skep. Kombineer gerus verskillende kleure of skakerings vir nog meer trefkrag.



#10 VORMS

Vormteëls verryk enige ruimte met 'n besonderse kinkel. Anders as tradisionele vierkantige of reghoekige teëls, kom vormteëls in verskillende fatsoene soos seshoeke, kruise en selfs skulpvorms. Dié fatsoene maak allerlei ingewikkelde patrone en visueel treffende uitlegte moontlik, wat dit ideaal maak vir moderne sowel as klassieke interieurs.

Vormteëls werk goed om trefkrag teen fokusmure te skep, maar kan ook indruk maak op kleiner dele soos spatpanele in kombuise of badkamers.

“Teëls is nie net bedoel om 'n oppervlak te bedek nie; dit maak 'n ontwerpstelling,” sê Ramielle de Jager van Wolkberg Casting Studios. “Ons skep teëls wat langer as *trends* sal leef. Hulle word vervaardig om funksionele vlakke te omskep in 'n toonbeeld van kuns, vakmanskap en as viering van die skoonheid van die materiaal.

“Verskillende teëlvorms het die vermoë om ritme en beweging te skep. 'n Heksagon bring tydlose struktuur; ronde rande verskaf sagtheid, en hoekige fatsoene dra 'n trots byderwetse gevoel oor.”

Druk jou persoonlike stempel op 'n oppervlak af deur teëls van verskillende kleure maar dieselfde vorm te kombineer. Gee jou innerlike kunstenaar vrye teuels en skep jou eie ontwerp wat 'n vaal muur in 'n gesprekspunt sal omskep. >>

Foto Christoph Hoffmann • Stilering Amanda van Wyngaardt

Kruisteëls in 'n kombinasie van wit skakerings en goud skep 'n asemrowende prentjie in die kinders se badkamer in Mareli Robbertze se huis.

Teëls van Wolkberg Casting Studio



Teëls van Xclusiv Tiles
and Sanware

Seshoekige teëls skep 'n
treffende fokusmuur in
Debbie en Andrew Whitley
se kombuis in Hilton,
KwaZulu-Natal.

Foto Christoph Hoffmann • Stilerings Mary Jane Harris

VERSKAFFERS & KONTAKTE Akashic Tiles akashictiles.co.za Alani Nel [instagram.com/alaninel_artdesign](https://www.instagram.com/alaninel_artdesign) Artmar Natural Stone artmar.co.za
Cash Tiles cashtiles.co.za Decobella decobella.co.za Douglas Jones douglasjones.co.za Etienne Hanekom etiennehanekom.com Hadedra Tiles hadedra-tiles.com
Hendre Bloem hendrebloem.com Home Fires homefires.co.za Italtile italtile.co.za Jakob Interior Design jakobinteriors.com Kalki Ceramics [instagram.com/kalkiceramics](https://www.instagram.com/kalkiceramics)
Michael Chandler chandlerhouse.co.za Mungo mungo.co.za Nosso nosso.co.za Patio Warehouse patiowarehouse.co.za Pudlo pudlo.co.za Revelstone revelstone.co.za
Rialheim rialheim.co.za Stiles stiles.co.za TAL tal.co.za Tiletoria tiletoria.co.za Union Tiles uniontiles.co.za Val Sheer Tiles 082 412 7725 veelvlak.vlvk.com
Wolkberg Casting Studios wolkbergcs.com Woodoc woodoc.com Xclusiv Tiles and Sanware 033 342 2280

Cape Thin-kleistene, beskikbaar in 'n travertyn- (222 x 76 x 15 mm)
of gladde afwerking (222 x 73 x 16); pryse op aanvraag, Klay

Oorgroot Axis-
mat porseleinteël
met klipvoorkoms
(750 x 1 500 mm)
R790/m², Italtile

Kom saam winkels toe!

Klompie-plaveistene (225 x 35 x 30 mm) R587,07/m²
en (225 x 35 x 75 mm) R900,45/m², Revelstone

Flowers Blue- ingesnyde mat
geglasuurde porseleinteël
(450 x 450mm) R599/m²,
Italtile

Funky Tiles Kit Kat Atlantis-
keramiekteël (200 x 200 mm)
R489/m², Stiles

Funky Tiles Bali
Azul Blue Matt-
porseleinteël
(333 x 333 mm)
R649/m², Stiles

Haus-muurteëls (300 x
50 mm; kies uit 18 kleure)
R1 500/m², Wolkberg
Casting Studios

Rhomb-teëls (165 x
95,2 mm; kies uit
18 kleure) R1 550/m²,
Wolkberg Casting Studios

The Heritage-teël (16 x 16 cm;
kies uit vyf kleure) vanaf
R85 stuk, Rialheim

The Loop- handgemaakte 3D-
teël (15 x 8 cm; kies uit vier
kleure) R65 stuk, Rialheim

Bedurf jouself!

VERSKAFFERS

Akashic Tiles akashictiles.co.za Italtile italtile.co.za
Klay klay.co.za Revelstone revelstone.co.za
Rialheim rialheim.co.za Stiles stiles.co.za
Wolkberg Casting Studios wolkbergcs.com

Apothecary's Garden van Akashic Tiles
(R4 773/m²) bestaan uit drie soortgelyke
teëls geïnspireer deur blomme, wat saam
'n besonderse patroon vorm.

Passing Star van Akashic Tiles
(R3 738/m²) kan in 'n diamantpatroon of
in pare in 'n vierkantige formaat
gelê word. 🏠

PRETORIA-WINKEL NOU OOP

Besoek ons by Atterbury Value Mart



Patio
WAREHOUSE
www.patiowarehouse.co.za



Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240

Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102

Negentig Jaar van Kwaliteit en Styl vir Elke Huis



Vir 90 jaar is Gelmar die hart van
Suid-Afrikaanse huishoudings en
bring kwaliteit toebehore, funksionele
ontwerp en tydlose styl na elke ruimte.

90
Gelmar

Koop aanlyn by gelmar.co.za of besoek
een van ons 51 winkels landwyd.

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24